Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie is om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol ontwikkel in verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voorjeugfase tussen 10 en 14 jaar en die "jeug"-fase tussen 15 en 24.
Geïntegreerde Provinsiale Vroeëkindertwikkelingsstrategie 2011-2016 (2011)	Hierdie strategie bied toegang tot kwaliteit vroeëkindertwikkeling (insluitend graad R), wat soveel kinders as moontlik in staat sal stel om die veerkragtigheid, selfvertroue, vaardighede en bevoegdhede te ontwikkel om te verseker dat hulle goed toegeruste en voorbereide leerders van graad 1 tot 12 sal wees.
Beleid oor Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Persone met Gestremdhede (2017)	Die hoofdoel is om die voorsiening van hoofstroommaatskaplikeontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede te lei en te koördineer. Die doel daarvan is om te verseker dat die waardigheid en regte van alle persone met gestremdhede beskerm en nagekom word deur relevante sosio-ekonomiese programme en dienste te lewer wat hul insluiting verseker.
Beleidsraamwerk – dienste aan Persone met Intellektuele Gestremdheid (2015)	Die doel van die beleidsraamwerk is die lewering van gekoördineerde en soomlose dienste aan persone met intellektuele gestremdhede (PWID) deur verskillende provinsiale departemente/sectore om 'n persoonsgesentreerde benadering tot PWID en hulle gesinne te verseker deur die profiel van behoeftes van die PWID regoor sektore en gepaste departementele rolle, verantwoordelikhede en moontlike finansieringsmodelle te bepaal om in die geïdentifiseerde behoeftes te voorsien.
Wes-Kaapse Provinsiale	Hierdie raamwerk dien as basis vir die koördinerende, integrasie en belyning

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk (PROR) (2014)	van die "grondvlak"-liewering van nasionale en provinsiale departementele programme; steun munisipaliteite om hul munisipale beplanningsmandaat in lyn met die nasionale en provinsiale agendas te vervul; en steun en kommunikeer die regering se ruimtelikeontwikkelingsoogmerke aan die privaat sektor en burgerlike samelewing.
Beleid oor die Oorsig, Vrylating en Herintegrasi van Gevonnise Inwoners in DMO-Kinder- en Jeugsorgsentrus na Minder Beperkende Alternatiewe of Ouersorg (2014)	Hierdie beleid verskaf riglyne vir die oorsig, vrylating en herintegrasi van gevonnise inwoners in KJSS'e deur uitplasings na minder beperkende alternatiewe sorg kragtens Hoofstuk 11 van die Kinderwet 38/2005) en Regulasies.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Standaardbedryfsprosedure (SBP) vir die Verwydering van Straatkinders na 'n Plek van Veiligheid en daaropvolgende Prosesse (2015)	Hierdie SBP is as 'n stapsgewyse riglyn ontwikkel vir hoe om te werk te gaan wanneer 'n straatkind wat sorg en beskerming benodig na 'n plek van veiligheid geneem word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede van die Departement se personeel en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektor uiteen. Die SBP sit die volgende uiteen: tydraamwerke waarby gehou moet word; definisies van straatkinders; op wie die prosedure van toepassing is; toepaslike wetgewing; en kontaknommers van die betrokke rolspeleers.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste (2015)	Hierdie strategie is ontwikkel om risiko's wat gepaardgaan met die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet te mitigeer. Die strategie identifiseer die onderliggende oorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer.
Gehalteversekeringsraamwerk vir Prestasiemonitering van Maatskaplikewelsyn-en Gemeenskapsontwikkelings dienslewering (2015).	Hierdie provinsiale raamwerk is belyn met die nasionale Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en beoog omvattende prestasiemonitering deur middel van 'n gehalteversekeringsbenadering vir gemeenskapsontwikkeling- en maatskaplikewelsynsdienste in die Departement, asook in die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op die verbetering van diensleweringsehalte en bepaal die standaarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemonitor en bestuur moet word.
Gehalteversekeringsprotokol vir Kinder- en Jeugsorgsentrus 2016-2018 (2016)	Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op administratiewe nakoming van wetgewing, goeie korporatiewe bestuur en nakoming van vereistes rakende registrasi en nasionale norme en standaarde vir KJSS'e.
Nasionale Geïntegreerde Vroeëkindertwikkelingsbeleid (2015)	Hierdie beleid is daarop gemik om dienslewering in Suid-Afrika vir vroeëkindertwikkeling te transformeer, in besonder om kritieke gapings die hoof te bied en om die voorsiening van 'n omvattende vroeëkindertwikkelingprogram van gehalte te verseker, wat geskik is ten opsigte van ouderdom en ontwikkelingsfase en wat toeganklik is vir alle babas, jong kinders en hul versorgers soos dit in die NOP beoog word.
Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998)	Hierdie Witskrif bevorder volhoubare mense-ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners deur die integrasi van bevolkingskwessies by ontwikkelingsbeplanning in die verskillende regeringsfere en alle sektore van die samelewing. Die Departement het 'n mandaat om die implementering van die beleid te monitor, sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling.
Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrus (KJSS'e) (2016)	Hierdie strategie bepaal die voorsiening van die voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme regoor die provinsie heen, wat met die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begroftingstoewysings en infrastruktuurbeskikbaarheid belyn is.
Wes-Kaapse Regering se Strategiese Raamwerk vir Huishoudelike	Die Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedselosekerheid en Voeding teiken spesifieke tekortkominge van die huidige voedselstelsel om te verseker dat dit al die inwoners van die Wes-Kaap dien. Die Strategiese Raamwerk sit uitkomstige en oogmerke uiteen wat programme verbind aan

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Voedselsekerheid en Voeding (2016)	'n afname in mense wat honger ly en verbeterings in gesondheid, voeding en produktiwiteit om alle mense wat in die Wes-Kaap woon te ondersteun om aktiewe en produktiewe lewens te lei.
Wes-Kaapse Regering se Hele- Samelewing-Benadering (WoSA) tot Sosio-ekonomiese Ontwikkeling (2018)	Die Hele-Samelewing-Benadering (WoSA) beoog veilige, sosiaal-verbonde, veerkragtige en bemagtigde landsburgers en gemeenskappe met gelyke toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende maatskaplike ontwikkeling binne 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die doel om ooreenstemming te verkry rakende die nuwe manier om maatskaplike ontwikkeling deur 'n "Hele-Samelewing-Benadering" te bevorder.
Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015)	Hierdie witskrif onderskryf 'n hoofstroomtrajek vir die verwesenliking van die regte van persone met gestremdhede deur die totstandbrenging van 'n vrye en regverdige samelewing wat persone met gestremdhede as gelyke landsburgers insluit. Dit bied leiding en moedig selfverteenwoordiging van persone met gestremdhede aan. Dit sit die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede in die breë uiteen deur middel van nege strategiese pilare wat belanghebbendes met die verantwoordelikheid oplê om die volgehoue sistemiese diskriminasie en uitsluiting wat deur persone met gestremdhede ervaar word, uit te wis. Dit bied leiding aan die Wes-Kaapse DMO om struikelblokvrue, gepaste, doeltreffende, doelmatige en gekoördineerde dienslewering te verskaf.
Wes-Kaapse Hoofstroomstrategie vir Gestremdheid 2015 -2020 (2015)	Die Wes-Kaapse DMO se Hoofstroomstrategie vir Gestremdheid is 'n strategiese vyfjaarplan wat leiding bied aan die Departement rakende die gebruik van 'n hoofstroomstrategie om kwessies in verband met gestremdheid die fokuspunt regdeur die Departement se dienslewering te maak.


## 2. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaar-beplanningstydperk

Die institusionele beleide en strategieë hieronder gelys is belyn met die NOP deur Prioriteit 4 van die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTR) 2019-2024 naamlik, "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare basiese dienste van gehalte". Op 'n provinsiale vlak sal die implementering van hierdie beleide en strategieë oor die volgende vyf jaar bydra tot die WKR VIP1 "Veilige en hegte gemeenskappe" en VIP 3: "Bemagting van mense", asook die vernaamste veiligheidsprioriteite wat deur die Wes-Kaapse Provinsiale Kabinet aan die Departement en sy Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling gedelegeer is. Hierdie skakels sal hieronder en in die afdeling wat handel oor Institusionele prestasie-inligting bespreek word.

Die **Departement Toppuntprioriteit** behels die ontwikkeling en implementering van bewysgebaseerde intervensies vir ouers, versorgers en kwesbare gesinne. Dit beoog om hulle kwesbaarheid te verminder en om die veerkragtigheid van gesinne en gemeenskappe op te bou. Intervensies sluit vroeëintervensieprogramme in soos gesinsbehoud, huweliksberading, psigososiale ondersteuningsdienste wat deur die hof gelas is, sowel as statutêre dienste soos formele bemiddeling, ouerskapsregte en verantwoordelikheidsooreenkomste vir kindersorg, ouerskapsplanne, die tydelike en veilige sorg van kinders, pleegsorg en aannemingsdienste. Ná statutêre intervensies is ook belangrik en behels onder andere familiehereniging wat deur die provinsiale netwerk van KJSS'e 'n veilige, koesterende omgewing bied aan kinders wat in alternatiewe sorg geplaas is, kinders in botsing met die gereg, verhoorafwagende kinders en gevonnisdde kinders. Gesinsherenigingsdienste is ook beskikbaar vir hawelose volwassenes deur befondsde skuilings. Slagofferbemagtigingsprogramme voltooi die sirkel deur veilige skuilings en verwysingstelsels na gespesialiseerde behandeling en die rehabilitasie en nasorgdienste vir vroue en kinders wat deur GGG geraak is, te voorsien.

Die fokus van die **Departementele Veiligheidsprioriteit** behels die ontwikkeling en implementering van 'n strategie vir risikovermindering vir kinders en jeugdige wat psigososiale en gespesialiseerde maatskaplike welstandsondersteuning sal identifiseer, assessee en voorsien aan kwesbare kinders en jeugdige in primêre en sekondêre skole in die 11 misdadbrandpunte in die provinsie – Figuur 1 toon die veiligheidsplangebiede en DMO-diensleweringgebiede.

Figuur 1: Misdaadbrandpunte/ Veiligheidsplan per DMO-dienslewering gebied.



Die doel van hierdie intervensies is om te verseker dat daar teen 2025 gekoördineerde pogings in plek is wat gepaardgaan met 'n vermindering in die moordkoers om veiligheid in die geteikende polisie-distrikte/veiligheidsplangebiede te verhoog. Om dit te bereik, word die volgende ingesluit: die kinderbeskermingsstelsel, trauma-ondersteuning en gedragsveranderingsprogramme, proef- en afwentelingsdienste, veilige sorg wat deur die Departementele KJSS-netwerk gelewer word en skool-gebaseerde dwelmbehandeling.

Hierdie intervensies sal deur die bestaande netwerk van Jeugkafees en gemeenskapsgebaseerde jeugdiensorganisasies aangevul word wat ontwikkelingsgeleenthede aan jongmense bied in gebiede waar daar geen Jeugkafeedienste beskikbaar is nie. Dit sal aangevul word deur jeugintervensies by DMO-streekkantore wat ook jongmense in staat sal stel om toegang te verkry tot ontwikkelingsgeleenthede in die werksomgewing en verdere onderwys en/of opleiding. Dit is belyd met VIP 1: "Veilige en hegte gemeenskappe", veral sy voorgestelde beleidsintervensie – verwysingstelsels wat kinders en jeugdige weg van geweld na geleentheid lei.

Die volgende bykomende institusionele beleide en strategieë word ingesluit:

- Implementering van die intervensieplan vir die vermindering van kindermoorde wat die samewerking en koördinerende van pogings regoor die departemente om kindermoorde in die Wes-Kaap te verminder, verseker.
- Implementering van die bestuurstrategie en plan vir pleegsorg – 'n primêre intervensie om te verseker dat kinders in koesterende gesinsomgewings geplaas word.
- Die ontwikkeling en implementering van 'n strategie vir die voorsiening van KJSS'e vir kinders oor die kontinuum van sorg en beskerming. Dit sal insluit die voorsiening van multiprogramsentrums, gespesialiseerde sentrums, die integrasie van programme en sektore om voorkoming te verbeter, integrasie en nasorgdienste – 'n primêre intervensie om te verseker dat kinders in alternatiewe sorg in veilige, koesterende omgewings geplaas word.
- Implementering van die naskoolse sorgprogram en waar moontlik, dit met bestaande Jeugkafees te koppel om veilige en stimulerende omgewings vir jongmense te skep. Dit sal belyd word met die jeugontwikkelingsinisiatiewe in alle WKR-departemente soos voorsien word deur die Provinsiale Jeugontwikkelingsstrategie. Laasgenoemde maak voorsiening vir holistiese jeugontwikkelingsprogramme wat jongmense meer geskik vir werk, positief, gesond en goed voorbereid maak vir die volwasse lewe.
- Implementering en uitbreiding van die geïntegreerde Isibindi-program sluit in 'n netwerk van persele, Instapsentrusse, naskoolse sorgfasiliteite en die Oog-op-die-Kind-program wat die bestaande kindersorg-en beskermingsmaatreëls versterk en uitbrei.
- Die ontwikkeling en implementering van 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde beleid en strategie vir voorkoming en vroeë intervensie vir kinders wat sal voorsiening maak vir 'n voldoende getal en verspreiding van noodsaaklike gemeenskapsgebaseerde voorkoming- en vroeë intervensieprogramme vir kinders en gesinne wat ook gesinsbevordering en -behoudsdienste, terapeutiese programme, herintegrasie en bemiddelingsdienste insluit. Hierdie strategie word geïntegreer met die departementele hoofprioriteit, wat op die bou en volhoubaarheid van veerkragtige gesinne fokus.
- Voorsiening vir dienste van gehalte deur die opgradering van infrastruktuur, volle en/of voorwaardelike registrasie van gedeeltelike sorgfasiliteite- en programme en die versterking van die VKO-program wat aan kwesbare kinders met vertraagde ontwikkeling gespesialiseerde ondersteuningsdienste bied. Laasgenoemde het bewys van aansienlike ontwikkelingsveranderinge in deelnemende kinders gelewer en sal in samewerking met die WKOD bekendgestel word om graad R-leerders in te sluit.
- Die implementering van die program vir sanitêre waardigheid wat behoeftige, kwesbare jong vroue en meisies op skool die geleentheid bied vir ononderbroke toegang tot onderrig.
- Die uitbreiding van slagofferbemaatrigingsdienste- en programme na landelike gebiede soos die Tuinroete- distriksmunisipaliteit, die Karoo-distriksmunisipaliteit en stedelike gebiede met 'n hoë risiko. Die Departement sal voortgaan om met die NDMO te werk om opkomende organisasies in mentorskapsprogramme in te skryf ten einde die getal OSW's te vermeerder om hulle in staat te stel om dienste in die landelike gebiede te lewer.
- Die ontplooiing van maatskaplikewerkpraktisyns wat in GGG-voorkomingsprogramme spesialiseer na departementele streeks- en plaaslike diensleweringkantore.
- Uitbreiding van voorkomings- en rehabilitasiedienste rakende dwelmbehandeling, middelmisbruikbehandeling, insluitend die Sentrale Karoo-distriksmunisipaliteit en die Tuinroete-distriksmunisipaliteit.

- Die ontwikkeling van modelle vir alternatiewe sorg en ondersteuning vir ouer persone soos onafhanklike verblyf, hulpsorgverblyf en tuissorg en die voortgesette implementering van die Departement se statutêre verpligtings met betrekking tot ouer persone.
- Voorsiening van omvattende dienste aan kinders met ernstige en hoogs intellektuele gestremdheid en die bevordering van die regte, die bemagtiging en psigososiale welstand van persone met gestremdhede.
- Die bekendstelling van die gemeenskapsgebaseerde program vir voedingontwikkelingsentrums en sy integrasie met die bestaande Departementele voedingsprogram om voldoende voedingsondersteuning aan kwesbare groepe te lewer.

### 3. Tersaaklike Hofuitsprake

#### **Wes-Kaapse Forum vir Intellektuele Gestremdheid: Hofbevelsaaknommer: 18678/2007.**

Uitspraak wat op 11 November 2010 uitgereik is, het die regering gelas om redelike maatreëls te tref vir die onderwysbehoefte van kinders met ernstige en diepgaande gestremdhede. In ooreenstemming met die hofbevel, maak die Departement voorsiening vir die salarisse van programimplementeerders en versorgers vir kinders met intellektuele gestremdheid by dagsorgsentrums en vir die veilige vervoer na en van die sentrums.

#### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinsiale Afdeling-Pretoria) relevant tot kinders met ernstige of diepgaande ontwrigtende gedragsversteurings, saaknommer 73662/16**

'n Hofbevel is op 2 Augustus 2018 uitgereik, wat die nasionale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Onderwys gelas het om voorsiening te maak vir die toepaslike alternatiewe sorg, geestesgesondheidsdienste en onderwysbehoefte van kinders met ernstige of diepgaande ontwrigtende gedragsversteurings. 'n Bestuurskomitee vir intersektorale projekte is ingestel om maatreëls in te stel om die situasie deur middel van die ontwikkeling van 'n intersektorale beleid en implementeringsplan aan te pak.

#### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Afdeling-Pretoria) relevant tot pleegsorg, saaknommer 72513/2017**

'n Tussentydse hofbevel is op 29 November 2017 uitgereik, wat die nasionale en provinsiale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling sowel as die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) gelas het om voortgesette betaling en bestuur te bied van meer as 200 000 pleegsorgbevele wat verval het in November 2017. Ten einde 'n omvattende regsoplossing vir die pleegsorgstelsel te bied, is die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gelas (binne 15 maande na die bevel) om die nodige wysigings aan die Kinderwet, 2005 voor te berei en in te stel, en/ of die Wet op Maatskaplike Bystand, 2014. Verder word enige pleegsorgbevel wat ten tyde van hierdie hofbevel verval het, geag 24 maande geldig te wees. Hierdie hofbevel het op 28 November 2019 verval.

#### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaap) relevant tot slagoffers van geslagsgebaseerde geweld, saaknommer SS17/2017**

Uitspraak is op 21 September 2017 gelewer, wat die Wes-Kaapse Regering se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gelas het om toepaslike langtermynmonitering, berading en nasorgdienste te lewer vir die slagoffers van seksuele misdrywe. Die Departement moet ook toesien dat 'gekoopte' dienste wat deur OSW's gelewer word, aan hul diensvlakooreenkomste voldoen.

#### **Belyning met wêreldwye en nasionale prioriteite**

Die institusionele beleide en begrotings van die Departement word belyning met Prioriteit 4 van die MTSR 2019-24: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte". Hierdie prioriteit is op sy beurt belyning met die Provinsiale VIP's 1 en 3 onderskeidelik: "Veilige en hegte gemeenskappe" en "Bemagtiging van mense" deur die Departement se vernaamste veiligheidsprioriteite.

Die Departement onderskryf verskeie internasionale doelwitte en agendas en het vandaar 'n verpligting om dit te implementeer. Voorbeelde hiervan is die Verenigde Nasies (VN) se Agenda 2030 en die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's)<sup>3</sup>. Die aspirasies in die VOD's vind weerga in die

<sup>3</sup> Verenigde Nasies Ontwikkelingsprogram (UNDP), 2015 by webadres <https://www.undp.org/content/undp/en/home/sustainable-development-goals.html> (toegang bekom op 23 Oktober 2019)



NOP 2030 en die VIP's van die Wes-Kaapse Provinsiale Kabinet, sowel as die statutêre en beleidsmandate van die Departement.

Die Departement se programme word ook belynd met verskeie internasionale verligtinge, verdrae en ooreenkomste wat verband hou met kindersorg- en beskerming byvoorbeeld, die VN se Konvensie oor die Regte van die Kind (UNCRC) 1995, die Afrika Handves oor die Regte en die Welstand van die Kind (2000). Die Haagse Konvensie oor die Siviele Aspekte van Internasionale Kinderontvoering (1997). Die Haagse Konvensie oor die Beskerming van Kinders en Samewerking ten opsigte van Interstaatlike Aanneming (2003) Die wese van hierdie verdrae, internasionale verpligtinge en ooreenkomste kom voor in beide die wetgewende en beleidsmandate van die Departement.

Met betrekking tot die norme en standaarde vir die sorg en ondersteuning van ouer persone, erken die Departement die Internasionale Plan van Aksie vir Veroudering van Madrid en die Verklaring oor die Regte van Ouer Persone. In die lewering van dienste aan persone met gestremdhede word die Departement gelei deur die norme en standaarde soos vervat in die VN se Konvensie oor die Regte van Persone Met Gestremdhede (UNCPRD).

Met betrekking tot die misdadaasvoorkomingsprogram en benewens bogenoemde, word die VN se standaard minimum reëls vir misdadaasvoorkoming deur die Departement as volg onderskryf:

- VN Standaard Minimum Reëls oor the Administrasie van Geregtigheid vir Jeugdige (Beijing Reëls) 1985
- Die Reëls vir die Beskerming van Jeugdige wat van hul Vryheid ontnem is (VN JDL Reëls) 1990 – (2009)
- Die Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte (ICCPR) 1966
- Die Konvensie teen Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Straf (CAT) 2008

Verdrae oor internasionale menseregte vereis van staatspartye om pro-aktiewe stappe te doen om te verseker dat die menseregte van vroue deur die gereg gerespekteer word en om diskriminasie, ongelykhede, en praktyke uit te skakel wat vroueregte negatief beïnvloed. Onder internasionale wetgewing oor menseregte kan vroue ook geregtig wees op bepaalde bykomende regte soos dié wat verband hou met reprodusiewe gesondheidsorg.

Die Slagofferbemaagtingsprogramme wat deur die Departement gelewer word, word belynd met die internasionale verpligtinge wat verband hou met die:

- VN se Verklaring vir Basiese Beginsels van Geregtigheid vir Slagoffers van Misdad en Magsmisbruik (1985)
- Konvensie vir die Uitskakeling van alle vorms van Diskriminasie teen vroue (CEDAW) 1979(2016)
- VN se Protokol vir die Voorkoming, Onderdrukking en Straf van Mensehandel 2000
- Die Konvensie teen Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Straf (CAT) 2008
- Internasionale Arbeidsorganisasies (ILO)se Konvensies oor Dwangarbeid 1930 (2014 -2016)

Vir intervensies rakende die voorkoming, behandeling en rehabilitasie van middelmisbruik, belynd die Departement met die Konvensie oor Psigotropiese Middels en die Protokol vir die Bestryding van Onwettige Dwelms van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap. Hoewel Suid-Afrika nie 'n ondertekenaar van die VN se Konvensie teen die Onwettige Handel van Verdowingsmiddels en die Enkele Konvensie oor Verdowingsmiddels is nie, word die beginsels en inhoud van die konvensie onderskryf.



## Deel B: Ons Strategiese Fokus

### Visie

'n Selfonderhoudende samelewing.

### Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste te verseker wat arm mense, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes in staat stel en bemagtig.

### Waardes

Die Departement onderskryf die volgende kernwaardes van die WKR:



Caring



Competence



Accountability



Integrity



Responsiveness

## 4. Situasië-ontleding

Die Departement het sy provinsiale voetspoor vergroot en het gegroei van een hoofkantoor met 16 distrikskantore in 2009 tot een hoofkantoor wat toesig hou oor ses streekskantore met 45 plaaslike kantore, waaronder verskeie dienspunte. In landelike gebiede waar toeganklikheid dikwels deur afstand bemoeilik word, word voorsien dat ten minste een diensleweringsspan per plaaslike munisipaliteit gevestig word. Daarbenewens het die Departement meer as 2 000 kontrakte met OSW-vennote om dienste in vennootskap daarmee te lewer. Die Departement verseker deur hierdie uitgebreide netwerk dat dienste nader aan gemeenskappe gebring word om diegene wat dit die nodigste het, te help.

### 4.1 Eksterne Omgewingsontleding

Dienslewering in die Wes-Kaap geskied teen die agtergrond van toenemende vlakke van geweld teen vroue en kinders – veral die toenemende persentasie kindermoorde relatief tot die res van die land; bendegeweld, dwelmmisbruik, hoë werkloosheid, honger en wanvoeding. Statistieke SA (Stats SA 2016) het berig dat 255 163 huishoudings in die 12 maande wat die Gemeenskapsopname (2016) voorafgegaan het, aangedui het dat hulle nie geld het om kos te koop. Dit gaan gepaard met 'n groeiende bevolking – na verwagting word 700 000 mense in die volgende vyf jaar tot die Wes-Kaapse bevolking gevoeg, wat die provinsiale bevolking teen 2024<sup>4</sup> tot 7.45 miljoen mense verhoog, en dit dra by tot die veranderende sosiale dinamiek in die provinsie en beklemtoon die behoefte om maatskaplike samehorigheid onder inwoners te bevorder. Statutêre dienste moet op die huidige vlakke gehandhaaf word en die verbeterde benutting van voorkoming- en vroeëintervensiedienste, soos beoog word deur 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde strategie en beleid vir voorkoming- en vroeëintervensie, moet gekoördineer en geïmplementeer word.

Die huishoudings in die Wes-Kaapse Provinsie word op 1.9 miljoen beraam met 'n gemiddelde huishoudelike grootte van 3.6 persone in elk. Die huidige werkloosheidsyfer van 21.5%<sup>5</sup> wat ondanks 'n marginale afname oor die afgelope drie jaar steeds impliseer dat een uit elke vyf persone werkloos is, is rede tot kommer. Gevolglik bly kinders en gesinne in gevaar en is dit 'n hoë prioriteit vir die dienste van die Departement. Na raming woon daar 2 073 903 kinders tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap<sup>6</sup>. Navorsing<sup>7</sup> dui op 'n hoë voorkoms van kindermishandeling, en dit is duidelik dat kinderbekermingsstrategieë opgeskerp moet word. Die voorkoms van kindermishandeling in the provinsie hou onder meer verband met die hoë voorkoms van dwelmmisbruik (insluitend alkohol) en

<sup>4</sup> Statistiek SA, Halfjaarlikse Bevolkingsberamings, 2019


<sup>5</sup> Arbeidsmag Kwartaal 3: 2019 opname ("Labour Force Survey Quarter 3: 2019")

<sup>6</sup> Statistiek SA, Halfjaarlikse Bevolkingsberamings, 2019.


<sup>7</sup> Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2015). 'n Evaluering van Data oor Wanvoeding onder Kinders ("An Evaluation of Child Maltreatment Data"). Interne navorsingsverslag opgestel deur Victoria Tully en Faheemah Esau.

geweld – algemene en veral geslagsgebaseerde geweld. Sorg- en beskermingsdienste vir kinders duur voort en sal steeds die belangrikste fokuspunt van die Departement se werk bly en sy grootste enkele doelwit oor die volgende vyf jaar is om hierdie dienste te bevorder ooreenkomstig die standaard soos vereis deur die Kinderwet, om dit met ander provinsiale departemente, munisipaliteite, OSW's en privaatsektorvennote te koördineer om by te dra tot die verwesenliking van die VIP's van die WKR en die MTSR 2019-2024. Die kwessie van kwesbaarheid by kinders plaas die klem op die behoefte om gepaardgaande risikofaktore in gemeenskappe te takel. Die Departement sal gevolglik fokus op die ontwikkeling van veerkragtigheid deur die voorsiening van gesinsbehouddienste en die verbetering van dienste. Gesinsversterking is 'n belangrike konsep vir die Departement, aangesien dit 'n laag beskerming aan kinders bied deur die opbou en ondersteuning van gesinne. Verbeterede selfbeeld, gedrag, voeding en opvoedkundige uitkomst is almal voordele van gesonde ouerskap en veerkragtige gesinne.

**Figuur 2:** DMO-dienslewingsgebiede in die Wes-Kaap.



Volgens die SAPD (2018) het die Wes-Kaap die grootste getal kindermoorde vir 2017/2018 aangemeld - 279 gevalle. Dit is verder ondersteun deur 'n interne ontleding van kindermoord in die Wes-Kaap vir die tydperk 2013-2018 wat 'n opwaartse neiging getoon het, met 'n toename van 23.5% oor die vyfjaartydperk (SAPD, 2018). Vir hierdie doel is die implementering van die intervensieplan vir die vermindering van kindermoorde, bewysgebaseerde gesinsintervensies, die implementering van die pleegsorgbestuursplan en die verbetering van die 24-uur kinderbeskermingsdienste, veral in gebiede met 'n groter vraag en dienslewingsgapings, noodsaaklike intervensies wat geïnstansionaliseer sal word. Dit sal ondersteun word deur gemeenskapsgebaseerde dienste in die vorm van die bekendstelling van die geïntegreerde Isibindi-program met die koördinering van Instapsentrums, verwysings van proef- en afwentelingsdienste en die Oog-op-die-Kind-intervensieprogram. Die integrasie van hierdie dienste is daarop gemik om kinderbeskermingsdienste in gemeenskappe meer toeganklik te maak. Hoërisikogebiede sal vir die implementering van die projek geïdentifiseer word. Gemeenskapswerkers sal gewerf en opgelei word om kinders wat sorg en beskerming benodig, te identifiseer en om hierdie sake by die Departement vir statutêre intervensies aan te meld.

**Figuur 3:** DMO-diensleweringgebiede in die Kaapse Metropol.

Daar is ongeveer 566 934 kinders tussen die ouderdom van 0 en 4 jaar in die Wes-Kaap<sup>8</sup>. Ondanks die beraamde afname in die groeikoers in hierdie bevolkingskohort oor die volgende vyf tot tien jaar - weens 'n afname in die vrugbaarheidskoers - toon navorsing deur die Direkoraat: Navorsing, Bevolking en Kennisbestuur (DSD, 2014) sowel as die Universiteit van Stellenbosch (Van der Berg, 2014) dat VKO-dienste van gehalte 'n groot impak op skooluitkomstet het. Hierdie navorsingsbevindinge ondersteun die fokus van die Direkoraat: VKO en Gedeeltelikesorg om die gehalte van VKO-dienste in die provinsie te verbeter. Kwessies rakende veiligheid, kognitiewe ontwikkeling en voeding sal toenemend die fokuspunt word van VKO-intervensies, asook die uitbreiding van VKO-dienste deur die nasionale voorwaardelike toekenning vir VKO's; terwyl die voortgesette gespesialiseerde ondersteuningsdienste aan kinders met vertraagde ontwikkeling uitgebrei sal word. VKO van gehalte vereis ook dat beide die fasiliteit en programme wat daarin geïmplementeer word, voldoen aan die norme en standaarde vir VKO soos bepaal deur die Kinderwet. Om die gehalte van fasiliteite en programme te standaardiseer, is die registrasie en herregistrasie van VKO-fasiliteite gesentraliseer.

Met betrekking tot KJSS'e, beoog die Departement om te belê in residensiële sorgdienste van gehalte vir kinders wat sorg en beskerming benodig, en om sodanige dienste te veseker. Dit sal voortgaan

<sup>8</sup> Statistiek SA, Halfjaarlikse Bevolkingsberamings, 2019

met die gesentraliseerde toelatingsdiens vir alle departementele en OSW-befondsde KJSS'e wat dit in staat stel om doeltreffender te reageer op hofbevele vir die plasing van kinders wat versorging en beskerming benodig, in botsing met die gereg, of verhoorafwagend of gevonniss is.

Die lewensverwagting vir ouer persone in die Wes-Kaap verbeter steeds. Na raming sal daar 'n toename van 30% in die getal ouer persone van 85 jaar en ouer wees, met 'n voorspelling van 26% in die kategorie 65 jaar en ouer oor die volgende vyf jaar. Die verhoging van die lewensverwagting (beraam op 65.7 jaar vir mans en 71.1 jaar vir vroue) is die belangrikste dryfveer vir die veroudering van die bevolking in die provinsie. Gegewe hierdie vinnige geprojekteerde toename in bevolking in hierdie kohort, sal die Departement voortgaan om toegang tot maatskaplike ontwikkelingsdienste van gehalte te verseker, veral die uitbreiding van onafhanklike en hulpverblyfsorg, verswaktesorg en toepaslike gemeenskapsgebaseerde intervensies.

Persone met gestremdhede, veral mense met ernstige vorms van gestremdheid ondervind aansienlike uitdagings, waaronder hoë vlakke van stigma. Die Departement se fokus op kinders met ernstige en diepgaande intellektuele gestremdheid sal die broodnodige ondersteuning bied aan beide die kinders en hul versorgers belas met die sorg. Data van Stats SA<sup>9</sup> toon 'n algehele toename van 345 984 aangemelde gestremdhede tussen 2011 en 2016. Die Departement sal voortgaan met sy regstellende intervensies, insluitend hoofstroming, ondersteuning en die bevordering van regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers. Die Departement sal ook voortgaan met die implementering van die 2010-hofuitspraak waarin die regering gelas is om redelike maatreëls vir die onderwysbehoefte van kinders met ernstige en diepgaande gestremdheid te voorsien.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2.3 miljoen jongmense tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar<sup>10</sup>. 'n Ontleding van die data van die kwartaalike arbeidsmagopname (QLFS) het aangedui dat 30% van jongmense tussen 15 en 34 jaar as "nie in diens, onderwys of opleiding" (NEETS) geklassifiseer word. Negatiewe neigings ten opsigte van die skoolverlatingskoers in die provinsie dra by tot die lae onderwys- en indiensnemingsstatus. Ongeveer 14% van kinders in die provinsie verlaat die skool op die ouderdom van 16 jaar. Hierdie tendens is duidelik aan die Weskus waar meer as 22% van jongmense op die ouderdom van 16 die skool verlaat het. Die belangrikste fokuspunt van die Departement is om vaardighede aan jongmense te bied wat hulle meer geskik vir werk, positief, gesond en goed voorbereid vir die volwasse lewe kan maak en is daarop gemik om geleenthede vir jongmense te fasiliteer om toegang tot 'n verskeidenheid maatskaplike ontwikkelingsdienste te kry wat positiewe lewenstyle en verantwoordlike burgerskap bevorder. Die Departement sal voortgaan met sy bestaande Jeugkafees en befonsing aan gemeenskapsgebaseerde jeugontwikkelingsorganisasies, en strategieë sal ontwikkel word om die jeug se toegang tot hulle te verhoog.

Die voorkoms van sosiale misdaad bly eweneens 'n kommer weens die impak daarvan op die maatskaplike en ekonomiese welstand van die provinsie. Sleutelaanwysers van misdaad soos berig in die SAPD se statistiese vrylating (2017/18), het kommer uitgespreek oor die verskanste en die eskalerende aard van geweldsmisdad in die provinsie. Hierdie tendense beklemtoon die belangrikheid van die Departement se fokus op misdadvoorkomingsdienste. Daar is die afgelope 10 jaar 'n noemenswaardige toename in die aanmelding van kontakmisdad en die moordsyfer in die Wes-Kaap is 57.0 per 100 000 van die bevolking, wat aansienlik hoër as die nasionale koers van 35.8 per 100 000 (SAPD, 2018) is. Boonop is die moordsyfer in die Wes-Kaap baie hoër as die geskatte wêreldwye moordsyfer van 6.2 per 100 000 van die bevolking (Instituut vir Sekuriteitstudies, 2015). In totaal het die Wes-Kaap 83% van die nasionale totaal van moorde wat met bendebedrywighede verband hou, bygedra en die Wes-Kaap het ook een van die hoogste proporsies (16.6%) tot die nasionale koers van moord op kinders en vroue in die land, tesame met die Oos-Kaap (18.6%), Kwa-Zulu Natal (22.6%) en Gauteng (16.8%) bygedra. Die hoë moordsyfer hou verband met 'n verskeidenheid faktore, waaronder die gebruik van wapens (vuurwapens), dwelms, alkohol, bendebedrywighede en interpersoonlike, meestal geslagsgebaseerde geweld. Verder het 'n ontleding van data oor seksuele aanranding van die DvG (2018) aan die lig gebring dat die Wes-Kaap altesaam 21 212 gevalle van seksuele aanranding by gesondheidsfasiliteite aangemeld het, en dat dit 'n totale toename van 17.2% oor die driejaartydperk gehad het, wat 'n opwaartse neiging toon.

<sup>9</sup> Statistieke SA, 2019

<sup>10</sup> Statistieke SA Halfjaarlikse Beramings, 2018 en 2019.

Maatskaplike misdaadvorkoming sal steeds fokus op die implementering van die Departement se statutêre verpligtinge ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid en die Wysigingswet op Proefdienste. Die Departement sal voortgaan met sy misdaadvorkoming en psigososiale ondersteuningsdienste aan die slagoffers van misdaad, veral slagoffers van seksuele misdrywe en GGG. Gespesialiseerde proef- en afwentelingsdienste aan kinders, jongmense en volwassenes in botsing met die gereg sal in hoë risiko-gemeenskappe gelewer word. 'n Twee-fase evaluering is gedoen oor die afwentelingsprogramme vir kinderoortreders tussen die ouderdom van 12 en 17 jaar in die provinsie.<sup>11</sup> Onder die bevindinge is dat pogings aangewend moet word om die sosio-ekonomiese omstandighede waarin kinders, gesinne en gemeenskappe hulle bevind, te verbeter, indien die afwentelingsprogramme effektief moet wees om sosiaal-aanvaarbare gedrag onder kinderoortreders te transformeer en te handhaaf. Daarbenewens is opgemerk dat hierdie gedrag geïnternaliseer en geoefen moet word voordat gedragsverandering sigbaar word. Gevolglik is voortgesette nasorgondersteuning van gehalte vir kinders, jongmense en hul gesinne noodsaaklik.

Die Departement sal voortgaan met sy intersektorale samewerking via die Kluster vir Justisie, Misdaadvorkoming en Sekuriteit, die Maatskaplike Kluster en betrokke OSW's. Die rol daarvan in misdaadvorkoming sluit in die volledige kontinuum van sorg (voorkoming, vroeë intervensie, statutêre dienste en herintegrasie) wat aangebied word in die program vir kinderbeskerming, KJSS'e, gesinsbehoud, dwelmmisbruik, maatskaplike misdaad en slagofferbemaagtiging. Die Departement neem ook deel aan die Provinsiale Gesamentlike Prioriteitskomitee (ProvJoints) wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid gekoördineer word om die Nasionale Strategie teen Bendebedrywighede in die Wes-Kaap te implementeer en het sy misdaadvorkomingsprogramme in laer- en hoërskole in hoë risiko-gebiede versterk.

Vrouemoord het met 10% in 2017-2018 in die Wes-Kaap toegeneem, en die provinsie het die grootste aantal gevalle van seksuele aanranding, aanranding van vroue en van die hoogste persentasies van gevalle van verkragting in die land in vergelyking met ander provinsies. Die Departement sal voortgaan met sy huidige basis vir befondsing en geormerkte toekenning aan skuilings vir mishandelde vroue en hul kinders, sowel as slagoffers van mensehandel, slagoffers van seksuele geweld en gaan voort met die NDMO om opkomende organisasies in te skakel by mentorskapprogramme om aantal van OSW's te vergroot wat dienste in die onderbediende platteland kan lewer. Die Departement sal verwysingstelsels vir slagoffers van GGG in skuilings vestig om toegang tot dwelmmisbruik-, behandelings- en rehabilitasiedienste by die Kensington behandelingsentrum vir volwasse vroue en in die geval van jong meisies, die Vredelusbinnepasiëntprogram, te bekom. Die Departement sal in samewerking met die SAPD voortgaan om die personeel en vrywilligers wat dienste lewer in traumakamers by polisiekantore op te lei en bewusmaking daarvan te kweek, en sal die voorkoming van GGG by alle KJSS'e in die hoofstroom bring. Die doel is om by te dra tot die bemaagtiging van slagoffers deur 'n kontinuum van dienste te lewer. Oor die volgende vyf jaar sal die Departement pogings aanwend om die spesialisering van psigososiale dienste aan kliënte op te skerp. Aangesien patriargie die belangrikste faktor bly vir die versterking van die alomvattende oortuigings en houdings oor manlike mag en beheer oor vroue en kinders, sal die Departement ook intervensies bevorder wat seuns teiken om op positiewe manlike rolmodelle te fokus, wat in sy KJSS'e sal begin.

Die omvang van dwelmmisbruik in die provinsie en die skakeling daarvan met verskillende maatskaplike euwels vereis dringende ingryping, aangesien die Wes-Kaap steeds die provinsie is met die hoogste persentasie van dwelmverwante misdaad, met 117 157 gevalle wat in 2017/18 aangemeld is, wat 36.2% (323 547 gevalle) van die totale dwelmverwante misdade in Suid-Afrika uitmaak. In die algemeen was daar 'n algehele toename van dwelmverwante misdaad in die Wes-Kaap, met 122% gedurende 'n periode van 10 jaar vanaf 2008/09 tot 2017/18<sup>12</sup>. Daar was ook 'n algehele toename in pasiënte, insluitend mense jonger as 20 jaar wat toegang tot die behandeling vir dwelmmisbruik in die provinsie gehad het. Die Departement sal voortgaan om geregistreerde inisiatiewe vir die behandeling en rehabilitasie van dwelmmisbruik in die provinsie te ondersteun, soos in die geval van sy skuilingsdienste vir slagofferbemaagtiging wat in landelike gebiede, veral in die Sentrale Karoo-distrik en die Tuinroete-distrik geïmplementeer sal word.

Die armoedetendense wat in 2017 deur Stats SA vrygestel is, toon dat die arm aantal mense in die Wes-Kaap van 17% in 2011 tot 21.3% in 2015 toegeneem het. In dieselfde tydperk het die

<sup>11</sup>n Evaluering van die Afleidingsprogram vir Jong Oortreders tussen 12 en 17 jaar in die Wes-Kaap (DMO 2018)

<sup>12</sup> SAPD (2018). Misdaadsituasie in Suid-Afrika 1 April 2017 - 31 Maart 2018.



armoedegaping van 9% na 6.8% afgeneem. Met behulp van die Gemeenskapsopname as basis, word daar verwag dat die aantal huishoudings wat honger sal ondervind waarskynlik met ongeveer 11% sal styg vanaf 2019 tot 2023. Tans ly ongeveer 13.2% van huishoudings in die provinsie honger. Die Departement lewer dus maaltye aan geteikende begunstigdes by departementele befondsde voedingsentrums en dit sal ondersteun word deur die implementering van 20 gemeenskapsgebaseerde voedingontwikkelingsentrums wat vanaf 1 April 2020 deur die NDMO aan die Departement gedesentraliseer sal word.

## 4.2 Interne Omgewingsontleding

Die begroting van die Departement bly beperk en dit sal na verwagting oor die MTUR-tydperk voortduur. Die Departement ondervind steeds 'n toenemende vraag na dienslewering weens die stygende armoedevlakke en sosiale patologie in the provinsie. Daarbenewens moes baie van sy OSW-vennote hul dienste besnoei wat ekstra druk plaas op die lewering van dienste deur die Departement. As gevolg hiervan is daar 'n toename in die verhouding van kliënte tot maatskaplike werkers. Een versagtingsmaatreël in hierdie verband was die sentralisering van die registrasie en herregistrasie vir VKO's. Dit het meer maatskaplike werkers bevry om op statutêre kindersorg- en beskermingsdienste te fokus. 'n Bykomende maatreël is die ontplooiing van 30 maatskaplike werkers wat spesialiseer in GGG-voorkoming en gespesialiseerde ondersteuning bied aan die slagoffers van GGG by streeks- en plaaslike diensleweringkantore.

Die NOP het die behoefte aan 'n doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgerigte staatsdiens geïdentifiseer. Kernelemente vir die bereiking van hierdie ideaal is koste-doeltreffende verbeterings aan die Departement se organisatoriese struktuur, streng kostebesparingsmaatreëls en doeltreffende bestuurstelsels, sakeprosesse en strategieë om dienslewering te verbeter.

Tussen 2015 en 2019 het die Departement verskillende organisatoriese ontwikkelingsprosesse geïmplementeer om die doeltreffendheid van sy organisatoriese struktuur te verbeter, naamlik:

- 'n Direkoraat: VKO en Gedeeltelikesorg om te verseker dat kinders tussen die ouderdom van 0 en 6 toegang het tot vroeëkindersontwikkelingsprogramme en fasiliteite van gehalte.
- 'n Eenheid wat spesialiseer in die dienslewering aan persone, veral kinders met intellektuele gestremdhede.
- 'n Afdeling vir gehalteversekering vir die Direkoraat: Fasiliteitsbestuur en Gehalteversekering wat verseker dat alle OSW's wat deur die Departement bestuur en befonds word, KJSS'e en Plekke van Veiligheid voldoen aan die norme en standaarde soos voorgeskryf in die Kinderwet en die Wet op Kindergeregtigheid.
- Die ontbondeling van die Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn om dienslewering en spesialisasie op gebiede met 'n hoë prioriteit vir die Departement naamlik kinders en GGG, te verbeter deur die vestiging van die Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn en Herstellende Dienste en die Hoofdirekoraat: Kinders, Gesinne, VKO en Gedeeltelikesorg.

Daarbenewens is 'n SBP ontwikkel en geïmplementeer om doeltreffende verwysingstelsels te verseker vir kinders met uitdagende gedrag, beter bestuur van alternatiewe sorgplasing, pleegsorg, aannemings en ander kritieke maatskaplikewerkintervensies. Dit tesame met die gesentraliseerde KJSS-toelatingsdiens, wat die nakoming van alle norme en standaarde vir kinder- en jeugsorgsentrums verseker, die volledige registrasie van KJSS'e en die vestiging van 'n provinsiale bestuursraad vir die bestuur van kinder-en jeugsorgsentrums in staatsbesit, het verseker dat die Departement in staat is om veilige en beveiligde omgewings aan kwesbare kinders voorsien. Laastens is die implementering van die DMO-strategie (2015) vir die verbetering van kinderbeskermingsdienste om die risiko's verbonde aan die implementering van statutêre vereistes te verminder wat verband hou met die implementering en opleiding van maatskaplike werkers in veiligheids- en risiko-evaluerings, tesame met die aanwysing van organisasies as statutêre kinderbeskermingsorganisasies, die implementering van riglyne vir die tydelike veilige versorging en die skepping van 'n inspektoraatseenheid het daartoe gelei dat maatskaplike werkers vir kinderbeskerming voorsien is van 'n gestruktureerde omgewing wat hulself toespits op 'n sterk fokus op gehalteversekering. In die komende jaar sal die Departement verwysingstelsels vir slagoffers van GGG ontwikkel wat in sy OSW-befondsde slagofferbemaagtigingsentrums (skuilings) gehuisves word om maklike toegang tot gespesialiseerde behandeling vir dwelmmisbruik en rehabilitasiedienste te verkry. Die Departement sal ook GGG-voorkomingsopleiding by al sy KJSS'e in die hoofstroom bring waardeur die reeds bestaande gespesialiseerde en veeldoelige programme uitgebrei word.

Ten opsigte van sy ondersteuningsdienste het die Departement deurgaans skoon oudits behaal in

die afgelope vyf boekjare wat eindig op Maart 2019, en het sy vakaturekoers verlaag van 5.4% in 2015/16 tot 2.2% teen einde Maart 2019, gegrond op befondsde, gevulde poste, en wat interns uitsluit. Dit is ver onder die norm van die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DvSA) van 10% per jaar. Laastens is die resultate van die Departement se Bestuursprestasië-assesseringsinstrument (BA) op 'n vlak 4 gehandhaaf ten opsigte van die standaard wat handel oor strategiese planne (SP'e), JPP'e Inligting-en Kommunikasietegnologie (IKT), finansiële bestuur, monitering, evaluering en Verkrygingskettingsbestuursprosesse (VKB) oor die afgelope vier boekjare tot die jaar geëindig Maart 2019.

Tegnologie speel 'n toenemende rol in die doeltreffende funksionering van organisasies. Die Departement het probeer om op hoogte te bly van tegnologiese ontwikkelings en implementeer stelsels om die beskikbaarheid van bestuursinligting te verbeter sover dit die begroting toelaat. In hierdie verband is die OSW-bestuurstelsel in 2019 ontwikkel maar nie ten volle geïmplementeer nie. Die Departement het egter opleiding vir verskillende modules voltooi. Die Departement sal oor die komende tydperk die stelsel implementeer, sowel as met die opleiding van die OSW-stelsel vir die oorblywende modules voortgaan. Waar moontlik, sal die Departement verbeterings binne begrotingsbeperkings inisieer om doeltreffendheid te verhoog. Dit sal ook voortgaan om vir die gebruik van die Elektroniese Inhoudsbestuurstelsel (ECM) voorspraak te maak om te verseker dat sy rekords daarvan maklik vir personeel beskikbaar is. Die Departement sal voortgaan met sy besparingsmaatreëls in die tegnologiese omgewing, soos om die IK-hernuwingsplan te verleng (tans verleng na ses jaar) en die bespoediging van stem-oor internet-protokol-(VOIP-) gebaseerde telekommunikasiedienste, waar kantore aan die WKR se breëbandnetwerk gekoppel is. "Skype for Business" sal in gebruik geneem word waar kantore oorgeskakel is na Microsoft Office 365, waardeur verafgeleë kantore "van aangesig tot aangesig" ontmoet sonder dat lang afstande onderneem word. Dit bespaar tyd en vervoerkoste. Die Departement sal oor die volgende vyf jaar voortgaan om sy makro- en mikrostrukture en SBP's te hersien en aan te pas om sodoende gestandaardiseerde, doeltreffende en doelmatige dienslewering te verseker.

### 4.3 Navorsingsevaluering deur die Departement voltooi

Die Departement se Navorsingseenheid het oor die afgelope vier jaar 12 evaluerings voltooi. Elk van hierdie evaluerings volg die DBME-riglyne vir die evaluering van navorsing en as sodanig word dit afgesluit met 'n verbeteringsplan. Twee van die mees onlangse evaluerings wat voltooi is, is:

1. 'n Evaluering van die afwentelingsprogram vir jeugoortreders van 12 tot 17 jaar oud in die Wes-Kaap.
2. 'n Evaluering van Psigososiale Dienste vir Slagoffers van Seksuele Misdrywe by geselekteerde Thuthuzela-sorgsentrums (TSS) in die Wes-Kaap wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling befonds is.

Die 2018-verbeteringsplan gegrond op die afwentelingsevaluering is goedgekeur vir implementering en fokus op die implementering van die volgende intervensies:

- Voorsiening van inligtingsmateriaal en oefenhulpbronne aan proefbeamptes en assistentproefbeamptes;
- Verbetering van die implementering en toeganklikheid van die afwentelingsprogramme;
- Verbetering van nasorgdienste vir ontvangers van die afwentelingsprogram; en
- Die ontwikkeling en opleiding van proefbeamptes en assistentproefbeamptes.

Alhoewel die DMO nog besig is om die bevindinge van die Evaluering van Psigososiale dienste wat by TSS'e gelewer word, te hersien, het die Departement begin om aanbevelings te implementeer wat tydens die ondersoek onderneem is. Dit sluit in:

- Die formulering van 'n konsepsuele en operasionele definisie vir psigososiale dienste;
- Die behoefte aan nouer samewerking tussen kindersorg en -beskermingsprogramme en SBP-programme in die diensverskaffing by die TSS's;
- Die formulering van 'n verwysingsprotokol/stelsel vir all slagoffers wat by die TSS's aanmeld; en
- Die toekenning van maatskaplike werkers benewens leke-beraders by TSS's.

Die Departement sal voortgaan om temas en navorsingskwessies te identifiseer wat 'n direkte invloed op sy vermoë het om maatskaplikewelsynsdienste in die Wes-Kaap te lewer.

## Deel C: Meet ons prestasie

### 5. Institusionele Programprestasie-inligting

#### 5.1 Program 1: Administrasie

##### Doel van die program

Hierdie program omvat die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement, d.w.s. provinsiale, streeks-, distrik- en fasiliteits-/institusionele vlak.

Let wel: Die Korporatiewe dienstesentrum wat in die Departement van die Premier gesetel is, verskaf ondersteuningsdienste vir menslikehulpbronbestuur aan die Departement.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

##### Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

##### Doel van subprogram

Verskaf 'n politieke en wetgewende koppelvlak tussen die regering, burgerlike samelewing en alle ander tersaaklike belanghebbendes.

##### Subprogram 1.2: Korporatiewe bestuursdienste

##### Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die strategiese leiding en die oorhoofse bestuur en administrasie van die Departement.

#### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering	Kapasiteitsbou van maatskaplikewerk en verwante beroepes.	1.2.1.1 Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe	25	25	25	29	29	29	29
		1.2.1.2 Getal beurse toegeken.	NVT	NVT	NVT	Nuwe aanwyser	109	149	189
		1.2.1.3 Getal maatskaplike werkers in diens by DMO.	NVT	NVT	NVT	Nuwe aanwyser	834	876	916
	Doeltreffende en doelmatige voorsiening van maatskaplike ontwikkelingsdienslewering. Om deelname van KMMO's in staatsverkryging te bevorde	1.2.1.4 Persentasie besteding in verband met toegewysde DMO-begroting	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	2% Variansie	2% Variansie	2% Variansie
		1.2.1.5 Persentasie fakture wat binne 30 dae aan DMO-diensverskaffers betaal is.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	100%	100%	100%
	Om strategiese ondersteuningsdienste te voorsien wat goeie bestuur en gehalte dienslewering	1.2.1.6 Mening van Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) oor die	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit

<sup>13</sup> Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal maatskaplike diens professionele beroepslui in die staatsdiens"



Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlike teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
	bevorder.	oudit van finansiële state en verslag oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting.							

### Uitset-aanwysers: jaarlike en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlike teiken	K1	K2	K3	K4
1.2.1.1 Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe beroepe	29	-	-	-	29
1.2.1.2 Getal beurse toegeken	109	-	-	-	109
1.2.1.3 Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO gedurende 'n boekjaar.	834	-	-	-	834
1.2.1.4 Persentasie besteding in verband met toegewysde DMO-begroting.	2% Variansie	-	-	-	2% Variansie
1.2.1.5 Persentasie fakture wat binne 30 dae aan DMO-diensverskaffers betaal is.	100%	-	-	-	100%
1.2.1.6 Mening van Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) oor die oudit van finansiële state en verslag oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting.	Skoon oudit	-	-	-	Skoon oudit

### Subprogram 1.3: Distriksbestuur<sup>14</sup>

#### Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die desentralisering, bestuur en administrasie van dienste op distriksvlak binne die Departement.

#### Program-hulpbronoorewegings

#### Opsomming van betalings en beramings – Program 1: Administrasie

Subprogram R'000	Uitkomste			Hooftbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			% - verandering vanaf hersiene beraming
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19				2019/20	2020/21	2021/22	
1.1 Kantoor van die LUR	6 418	6 868	7 564	7 958	6 708	6 708	8 976	9 528	10 111	33.81
1.2 Korporatiewe Bestuursdienste	122 274	127 165	142 943	143 755	151 659	151 659	166 786	175 169	185 281	9.97
1.3 Distriksbestuur	57 295	65 752	73 189	80 354	78 327	78 327	83 738	89 058	94 634	6.91
<b>Totale betalings en beramings</b>	<b>185 987</b>	<b>199 785</b>	<b>223 696</b>	<b>232 067</b>	<b>236 694</b>	<b>236 694</b>	<b>259 500</b>	<b>273 755</b>	<b>290 026</b>	<b>9.64</b>

<sup>14</sup> Die opskrif Distriksbestuur word voorgeskryf ingevolge die Nasionale Begrotingstruktuur. Die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling word deur streekskantore bedryf.

## Opsomming van betalings en beramings deur ekonomiese klassifikasie– Program 1: Administrasie

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			% - verandering vanaf hersiene beraming
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2019/20
<b>Lopende betalings</b>	<b>176 325</b>	<b>186 298</b>	<b>211 887</b>	<b>223 364</b>	<b>223 528</b>	<b>223 325</b>	<b>239 630</b>	<b>254 480</b>	<b>270 077</b>	<b>7.20</b>
Vergoeding van werknemers	144 279	154 285	172 097	186 171	184 383	184 220	197 865	210 647	224 059	7.31
Goedere en dienste	32 046	32 013	39 790	37 193	39 145	39 105	41 765	43 833	46 018	6.69
<b>Oordragte en subsidies aan</b>	<b>845</b>	<b>416</b>	<b>897</b>	<b>479</b>	<b>2 806</b>	<b>3 009</b>	<b>2 670</b>	<b>2 800</b>	<b>2 933</b>	<b>(4.85)</b>
Departementele agenskappe en rekeninge	4	12	8	9	2 548	2 548	2 670	2 800	2 933	4.79
Instellings sonder winsoogmerk										
Huishoudings	841	404	889	470	258	461				(100.00)
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>7 580</b>	<b>11 971</b>	<b>10 303</b>	<b>8 224</b>	<b>10 360</b>	<b>10 360</b>	<b>17 200</b>	<b>16 475</b>	<b>17 016</b>	<b>66.02</b>
Geboue en ander vaste strukture										
Masjinerie en toerusting	7 580	11 956	10 303	8 224	10 360	10 360	17 180	16 454	16 994	65.83
Sagteware en ander ontasbare bates		15					20	21	22	
<b>Betalings vir finansiële bates</b>	<b>1 237</b>	<b>1 100</b>	<b>609</b>							
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>185 987</b>	<b>199 785</b>	<b>223 696</b>	<b>232 067</b>	<b>236 694</b>	<b>236 694</b>	<b>259 500</b>	<b>273 755</b>	<b>290 026</b>	<b>9.64</b>

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Prioriteit 1 van die MTSR 2019-2024 spreek tot die behoefte vir die toewysing van verantwoordelikhede, verseker die verantwoordbaarheid vir prestasie en die behoefte vir gevolgbestuur. Dit word weerspieël in die WKR VIP5: "Innovasie en kultuur" deur die kernintervensie, "Verbeterde doeltreffendheid en doelmatigheid van organisatoriese prestasie". Om te verseker dat korporatiewe bestuur en dienslewering verbeter word, moet 'n bekwame personeelkorps sowel as gereelde organisatoriese herontwerpprosesse bestaan om doeltreffendheid en effektiwiteit van die personeel te verbeter.

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word na die behoeftes van die gemeenskappe wat hy dien, asook as die provinsiale en nasionale prioriteite. Gedurende hierdie MTUR sal sy strategiese besluite gelei word deur die volgende beginsels:

- Die instandhouding van bestaande statutêre dienste op huidige vlakke en die uitvoering van intervensies deur die hof gelas.
- Verbeterde benutting en koördinering deur sy lidmaatskap van die kernbestuurspanne wat verantwoordelik is vir die implementering van die provinsiale VIPs 1 en 3 naamlik, "Veilige en samehorige gemeenskappe" en "Bemagtiging van mense".

Strategies sal die Departement daarop fokus om te verseker dat:

- Vergoeding vir werknemers (VvW) is in lyn gebring om die herorganisasie van menslike hulpbronne te akkommodeer, veral met inagneming van die inkontraktering van beveiligde KJSS'e.
- Organisasoriese herontwerp om doeltreffendheid en menslike hulpbronne te verbeter.
- Progressiewe verbetering van die verhouding van maatskaplikewerker tot bevolking van 1: 4 500 (nasionale norme van 'n verhouding van 1: 5000 vir stedelike en 2: 500 in landelike gebiede).
- Die verhoging van die verhouding van kinder- en jeugsorgwerkers in beveiligde KJSS'e word geleidelik verbeter as gevolg van die inkontraktering van die funksie.
- Infrastruktuur: uitbreiding van plaaslike kantore en instandhouding – onderhewig aan die beskikbaarheid van geskikte persele en die finansiering daarvan.
- IKT-opgradering: vervanging van hardeware (opdatering) wat verleng is na ses jaar, tensy toerusting onomkeerbaar beskadig is.
- Finalisering van die toetsing van die OSW-bestuurstelsel en die implementering daarvan om groter doeltreffendheid en tydigte produksie van bestuursinligting oor OSW's te verseker.

Die styging vanaf die hersiene beraming van R236.694 miljoen in 2019/20 na R259.500 miljoen in 2020/21 is weens die inflasionêre verhogings vir die Vergoeding vir Werknemers en verhoogde moniteringsaktiwiteite by dienslewingsgebiede. Die begrotingstoewysing word daarna tot R273.755 miljoen in 2021/22 en tot R290.026 miljoen in 2022/23 verhoog.

## 5.2 Kernrisiko's en Versagtings

Uitkomstes	Kernrisiko	Risikoversagting
<b>Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.</b>	Nienakoming van statutêre wetgewing en vandaar 'n verhoogde risiko vir gedingvoering.	<p>Kapasiteit van OSW's word gebou en ondersteuningsdienste word gelewer waar nodig. Die bestuursoorsigvermoëns van OSW's en ander geïdentifiseerde burgerlike organisasies word hierdeur versterk en hulle word voorberei vir oorweging vir oordragbefondsing wat daardeur gemeenskapsnetwerke uitbrei.</p> <p>Programme implementeer verbeterings- en moniteringsplanne wat dienslewering ooreenkomstig die voorskrifte van verskeie wetstukke en verifieerbare bevolkingsdata en demografiese data moontlik maak.</p> <p>Prestasiebestuur, ontwikkeling van standaardbedryfsprosedures, bestuurs- en dienslewingsbeleide en die implementering daarvan.</p>
	Korrupsie.	Implementering van geen verdraagsaamheid ten opsigte van bedrog en korrupsie en bewusmaking van wat bedrog en korrupsie behels.

## 5.2 Program 2: Maatskaplike welsynsdienste

### Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste aan armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

#### Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning

##### Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste vir alle subprogramme in hierdie program lewer.

#### Subprogram 2.2: Dienste vir ouer persone

##### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir die versorging, ondersteuning en beskerming van ouer persone.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwyser en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
<b>Arm, kwesbare ouer persone ly aktiewe lewens binne veilige, beskermde en ondersteunende omgewings</b>	Residensiële sorgdienste/fasiliteite is beskikbaar vir ouer persone.	<b>2.2.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in residensiële versorgingsfasiliteite vir ouer persone.	8 693	8 946	8 821	9 000	5 050 <sup>15</sup>	5 050	5 050
	Gemeenskaps gebaseerde versorging- en ondersteuning dienste wat vir ouer persone beskikbaar is.	<b>2.2.1.2</b> Getal subsidies oorgedra na gemeenskapsgebaseerde versorging en- ondersteuningsdienste vir ouer persone.	15 121	16 494	17 029	17 000	17 000	17 500	17 500
	Hulpsorg- en selfsorgfasiliteite is beskikbaar vir ouer persone.	<b>2.2.1.3</b> Getal gesubsidieerde beddens in hulpsorg- en selfsorgfasiliteite vir ouer persone.	656	660	769	850	850	850	830

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>2.2.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in residensiële versorgingsfasiliteite vir ouer persone	5 050	5 050	5 050	5 050	5 050
<b>2.2.1.2</b> Getal subsidies oorgedra na gemeenskapsgebaseerde versorging en- ondersteuningsdienste vir ouer persone.	17 000	17 000	17 000	17 000	17 000
<b>2.2.1.3.</b> Getal gesubsidieerde beddens in hulpsorg- en selfsorgfasiliteite vir ouer persone.	850	850	850	850	850

<sup>15</sup> Metode van berekening is hersien.

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

In ooreensetting met die vyfjaar implementeringsplan van die NOP met die oog op 'n "Hervormde maatskaplikewelsynsektor en – dienste" wat die regte van kwesbare groepe handhaaf, bevorder en beskerm, en onderskryf word deur die Wet op Ouer Persone, verseker hierdie uitkoms dat die Departement sy statutêre verpligtinge nakom deur te verseker dat beskikbare fasiliteite en programme vir ouer persone aan die wetgewing en die toepaslike norme en standaarde voldoen. Die Departement werk saam met die OSW-sektor, ander staatsdepartemente, tersiêre instellings en plaaslike owerhede om toegang tot dienste van gehalte aan kwesbare ouer persone te bied. Om die wetgewende raamwerk vir die maatskaplike sektor te optimaliseer, het die Departement SBP's ontwikkel vir die monitering van dienste aan ouer persone in residensiële - en gemeenskapsgebaseerde sentrums.

Bykomende dienste sluit in die beskerming van die regte van ouer persone om vry te wees van mishandeling, en om aandag te gee aan die verskillende ekonomiese veranderlikes wat 'n negatiewe invloed op die lewensgehalte en welstand van ouer persone het. Die program sal gespesialiseerde dienste lewer wat deur 'n verskeidenheid OSW-vennote gelewer word. Deur sy ontwikkelingsbenadering tot veroudering wat poog om die ouer persoon solank as moontlik in die gesin en gemeenskap te hou, is die hoofdoel van die program om sorg, ondersteuning en beskerming aan arm, kwesbare ouer persone met hul gemeenskappe te bied.

Die volgende inisiatiewe sal dus oor die MTUR ontwikkel, geïmplementeer en/of voortgesit word:

- 'n Kosteberekeningsmodel vir ouer persone met Alzheimer's en demensie. Die implementering hiervan is egter slegs afhanklik van die beskikbaarheid van addisionele oordragfondse;
- Die instelling van 'n mentorskapmodel ter ondersteuning van residensiële fasiliteite wat nie onder die beskerming van 'n moederliggaam werk nie, en wat nie oor sterk bestuurskapasiteit beskik nie en ook finansiële in gevaar is;
- Registrasie van residensiële sorgsentrums vir verswakte ouer persone;
- Registrasie van diensentrusse;
- Deurlopende ondersteuning vir alternatiewe versorgings- en ondersteuningsmodelle soos onafhanklike selfsorg en hulsorg vir ouer persone; en
- Versterking van gemeenskapsgebaseerde versorgings- en ondersteuningsdienste deur die ontwikkeling van 'n gemeenskapsgebaseerde versorgingsmodel as deel van sy strategie om bestaande maatskaplike welsynsdienste vir ouer persone in die provinsie te ondersteun.

## Subprogram 2.3 Dienste vir persone met gestremdhede

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en lewer dienste wat die bevordering van die welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede fasiliteer.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
<b>Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers ly aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</b>	Residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede is beskikbaar.	<b>2.3.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in befondsde OSW-residensiële versorgingsfasiliteite vir persone met gestremdhede.	1 622	1 694	1 801	1 802	1 674	1 674	1 674
		<b>2.3.1.2</b> Getal persone met gestremdhede wat toegang verkry tot DMO-residensiële fasiliteite.	80	82	84	110	110	110	110
	Dienste in befondsde beskermende werkwinkels is beskikbaar vir persone met gestremdhede.	<b>2.3.1.3</b> Getal subsidies oorgedra na beskermde werkwinkels wat dienste lewer aan persone met gestremdhede.	2 813	2 860	2 952	2 885	2 836	2 836	2 836
	Befondsde gemeenskapgebaseerde dagsorgprogramme is beskikbaar vir persone met gestremdhede.	<b>2.3.1.4</b> Getal subsidies oorgedra na gemeenskapgebaseerde dagsorgsentrums vir persone met gestremdhede.	831	841	958	1 011	1 005	1 005	1 005
	Befondsde OSW-gespesialiseerde ondersteuningsdienste is beskikbaar vir persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers.	<b>2.3.1.5</b> Getal persone wat toegang verkry tot DMO-befondsde OSW-gespesialiseerde ondersteuningsdienste.	92 632	88 089	94 087	84 000	91 000	91 000	91 000

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>2.3.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in befondsde OSW-residensiële versorgingsfasiliteite vir persone met gestremdhede	1 674	1 674	1 674	1 674	1 674
<b>2.3.1.2.</b> Getal persone met gestremdhede wat toegang verkry tot DMO-residensiële fasiliteite.	110	110	110	110	110
<b>2.3.1.3</b> Getal subsidies oorgedra na beskermde werkwinkels wat dienste lewer aan persone met gestremdhede.	2 836	2 836	2 836	2 836	2 836
<b>2.3.1.4</b> Getal subsidies oorgedra na gemeenskapgebaseerde dagsorgsentrums vir persone met gestremdhede.	1 005	1 005	1 005	1 005	1 005
<b>2.3.1.5</b> Getal persone wat toegang verkry tot DMO-befondsde OSW-gespesialiseerde ondersteuningsdienste.	91 000	27 000	25 000	19 000	20 000

## **Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk**

Om die grondwetlike mandaat van die Departement rakende die voorsiening van maatskaplike ontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede na te kom, het die Departement die verantwoordelikheid om die voortgesette voorsiening van responsiewe gestremdeheidsgerigte maatskaplike ontwikkelingsdienste te verseker, met inbegrip van residensiële sorg, beskermende werksinkelsessies, dagsorgprogramme, aflossorgdienste en om die kapasiteit van persone met gestremdhede, hul gesinne, versorgers en maatskaplikedienspraktisyne te versterk en te bemagtig.

Aanvullend tot die voorsiening van gestremdeheidsgerigte dienste, moet die Departement voortgaan om die konsep van gestremdheid as 'n norm regoor departementele programme en dienste in die hoofstroom te bring. Sodoende sal dit bydra tot die integrasie en integrering van gestremdhede, asook die bemagtiging van persone met gestremdhede, hulle gesinne/versorgers en gemeenskappe.

Op hierdie manier dra die uitsette wat hierbo oorweeg word, nie net by tot die mandate van die Departement nie, maar ook tot die uitslag daarvan met betrekking tot Prioriteit 4 van die MTSR 2019-2024 "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte" en spesifiek die intervensies wat handel oor die verskaffing van 'n pakket van maatskaplike dienste aan gesinne wat sorg vir kinders en volwassenes met gestremdhede en toegang vir alle persone met gestremdhede tot geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde persoonlike ondersteuningsdienste bied. Ten opsigte van die WKR VIP's 1 en 3 naamlik, "Veilige en samehörige gemeenskappe" en "Bemagtiging van mense", is kinders, jeugdige en volwassenes met gestremdhede onder die kwesbaarste groepe binne gemeenskappe en wie se regte beskerm moet word, en omgewings moet geskep word om hulle in staat te stel om tot hul volle potensiaal te ontwikkel. Dit is ook in lyn met die NDMO-beleid (2017) oor maatskaplike ontwikkelingsdienste vir persone met gestremdhede wat verseker dat hul waardigheid en regte behou word deur die voorsiening van sosio-ekonomiese programme en dienste wat die insluiting daarvan verseker, asook die Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015) en die Departement se Hoofstromingstrategie (2015).

Die program het die volgende belangrikste fokusareas vir die MTUR en die huidige boekjaar geïdentifiseer:

- Versterking van gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme en beskermende werksinkels vir volwassenes met gestremdhede, om die dienste te standaardiseer en die gehalte van versorging te verbeter;
- Loods die registrasie van gedeeteliksorgfasiliteite/dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede om uitvoering aan die wetgewende mandaat van Hoofstuk 5 van die Kinderwet te gee en om toegang tot slagofferbemagtigingsprogramme vir die dowe gemeenskap te verkry;
- Volhou ondersteuning aan diensorganisasies vir gestremde persone (DSO's) en organisasies vir gestremde persone (DPO's) wat ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers bied;
- Leiding en ondersteuning aan dagsorgsentrums en 24-uur-sorgfasiliteite vir kinders met ernstige en diepgaande intellektuele gestremdhede;
- Leiding en ondersteuning te bied aan residensiële fasiliteite (24-uur-sorgfasiliteite) vir volwassenes met gestremdhede en verseker dat die minimum standarde vir residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede nagekom word; en
- Versterking van ouerondersteuningstrukture vir ouers van kinders met gestremdhede, in vennootskap met die OSW-sektor.

### **Subprogram 2.4 MIV en Vigs**

#### **Doel van subprogram**

Ontwerp en implementeer geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde versorgingsprogramme en -dienste wat gemik is op die versagting van die maatskaplike en ekonomiese impak van MIV en Vigs.

#### **Programfokus**

MIV/Vigs-intervensies en-begroting word by die program vir kindersorg en-beskerming geïntegreer.

## Subprogram 2.5 Maatskaplike noodleniging

### Doel van subprogram

Om te reageer op noodbehoefte wat geïdentifiseer is in gemeenskappe wat deur onverklaarde rampe geraak is of deur enige ander maatskaplike toestand wat uitermatige ontbering veroorsaak.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	Rampgevalle geëvalueer en na SASSA verwys ivir bystandsvordele vir maatskaplike noodleniging.	2.5.1.1 Getal ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvordele vir maatskaplike noodleniging.	1 616	1 967	1 732	1 215	1 390	1 450	1 516
	Uitermatige ontberingsgevalle geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvordele vir noodleniging.	2.5.1.2 Getal rampgevalle (huishoudings) geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvordele vir maatskaplike noodleniging.	1 888	1 505	2 037	1 555	1 555	1 555	1 555

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.5.1.1 Getal ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvordele vir maatskaplike noodleniging	1 390	337	368	344	341
2.5.1.2. Getal rampgevalle (huishoudings) geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvordele vir maatskaplike noodleniging	1 555	390	387	390	388

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die Wes-Kaap word blootgestel aan 'n hoë vlak van risiko as gevolg van 'n wye verskeidenheid weerstoestande met oorstromings, droogte, en brande wat tot wydverspreide ontbering en menslike lyding lei. Daarbenewens vererger komplekse humanitêre noodgevalle soos sosiale konflik en massa-uitsettings die sosiale kwesbaarheid van die kwesbaarstes en die armes. 'n Belangrike fokusgebied vir die subprogram vir Maatskaplike Noodleniging is om toegang tot omvattende maatskaplike noodlenigingsintervensies te vergemaklik deur middel van assessering en verwysing na SASSA-gedadministreerde dienste (tydelike finansiële/wesenlike hulp) ingevolge die Wet op Maatskaplike Bystand.

In ooreenstemming met Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte" van die MTSR 2019-2024, speel maatskaplike noodleniging van noodvoordele 'n belangrike rol in die opbou van die veerkragtigheid van gesinne vir huishoudings/gesinne wat deur uitermatige ontberings en/of rampe van 'n uiteenlopende aard geraak is. Dit is belangrik dat hierdie gesinne toegang verkry tot psigososiale dienste en die nodige geldelike ondersteuning wat sal help om hul hanteringsvaardighede en die veerkragtigheid van hul gesinne te verbeter. Op hierdie manier spreek die subprogram direk tot die prioriteite van die departementele vernaamste prioriteit en gesinsveerkragtigheid geïdentifiseer deur VIP3: "Bemagtiging van mense".

Die sanitêre waardigheidsprojek is 'n verdere intervenise vir arm kwesbare gesinne. Deur hierdie projek kan jong meisies in graad 4 tot 12 in arm skole (met die grootste behoeftes) toegang tot sanitêre produkte kry en sodoende verseker dat skoolbywoning nie onderbreek word nie.

DMO is die leidende departement met betrekking tot die Provinsiale Strategie vir Rampbestuur om die negatiewe maatskaplike gevolge vir huishoudings/ individue weens verklaarde/



onverklaarde rampe teen te werk. 'n Plan is onder leiding van die DMO-geleide humanitêre noodlenigingswerkstroom ontwikkel en handel oor die voorbereiding om die negatiewe maatskaplike impakte weens droogte in dele van die provinsie teen te werk. Daar word voorsien dat werkverliese in die landbousektor die gesinne van geaffekteerde plaaswerkers onder ernstige druk sal plaas. DMO sal nou saamwerk om te verseker dat hierdie gesinne met bystandsvoordele vir maatskaplike noodleniging gekoppel word.

Die kernfokus ingevolge die DMO-geleide humanitêre noodlenigingswerksfokus sal die vestiging van die Kaapse Wynland Plaaslike Humanitêre Noodlenigingswerkstroom en die kapasiteitsbou van streeksbeampes ten opsigte van die Beleid vir Maatskaplike Noodleniging insluit, asook die protokol om die gehalte, toeganklikheid en volhoubaarheid van die intervensies vir kwesbare groepe binne huishoudings te verbeter.

### 5.2.1 Program-hulpbronorwegings

#### Opsomming van betalings en beramings – Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Subprogram R'000	Uitkomst		Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting		Hersiëne beraming	Mediumtermynberaming			% - verandering vanaf hersiëne beraming
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2019/20
2.1 Bestuur en ondersteuning	409 787	438 612	463 065	532 403	504 347	504 347	557 915	582 377	619 121	10.62
2.2 Dienste vir ouer persone	206 067	238 253	244 749	257 589	258 819	258 819	269 431	294 141	306 264	4.10
2.3 Dienste vir persone met gestremdhede	150 454	162 824	172 429	186 302	187 285	187 285	198 027	212 590	219 483	5.74
2.5 Maatskaplike noodleniging	2 074	4 382	5 788	26 333	27 201	27 201	13 922	14 745	15 606	(48.82)
<b>Totale betalings en beramings</b>	<b>768 382</b>	<b>844 071</b>	<b>886 031</b>	<b>1 002 627</b>	<b>977 652</b>	<b>977 652</b>	<b>1 039 295</b>	<b>1 103 853</b>	<b>1 160 474</b>	<b>6.31</b>

#### Opsomming van betalings en beramings deur ekonomiese klassifikasie– Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomst	Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting		Hersiëne beraming	Mediumtermynberaming			% - verandering vanaf hersiëne beraming	
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2019/20
<b>Lopende betalings</b>	<b>415 485</b>	<b>447 228</b>	<b>472 929</b>	<b>567 545</b>	<b>539 078</b>	<b>538 861</b>	<b>582 098</b>	<b>607 933</b>	<b>646 731</b>	<b>7.98</b>
Vergoeding vir werknemers	361 045	390 228	415 917	481 103	454 013	453 799	499 995	521 304	555 364	10.13
Goedere en dienste	54 440	57 000	57 012	86 442	85 065	85 062	82 103	86 629	91 367	(3.48)
<b>Oordragte en subsidies aan</b>	<b>335 928</b>	<b>378 950</b>	<b>393 505</b>	<b>409 428</b>	<b>410 107</b>	<b>410 324</b>	<b>427 034</b>	<b>465 458</b>	<b>484 623</b>	<b>4.13</b>
Departementel e agentskappe en rekeninge	7		1	3	3	4	3	4	5	
Instellings sonder winsoogmerk	334 867	378 218	392 907	409 075	409 710	409 709	426 618	465 021	484 164	4.13
Huishoudings	1 054	732	597	350	394	611	413	433	454	4.82
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>16 969</b>	<b>17 893</b>	<b>19 597</b>	<b>25 654</b>	<b>28 467</b>	<b>28 467</b>	<b>30 163</b>	<b>30 462</b>	<b>29 120</b>	<b>5.96</b>
Geboue en ander vaste strukture										
Masjinerie en toerusting	16 969	17 893	19 597	25 654	28 467	28 467	30 163	30 462	29 120	5.96
Betalings vir finansiële bates										
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>768 382</b>	<b>844 071</b>	<b>886 031</b>	<b>1 002 627</b>	<b>977 652</b>	<b>977 652</b>	<b>1 039 295</b>	<b>1 103 853</b>	<b>1 160 474</b>	<b>6.31</b>

Die Departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffende en doelmatige balans te verseker tussen gemeenskapsbehoefte en nasionale en provinsiale VIP's soos aangedui onder die subprogram.

Die volgende beginsels het die begrotingsbesluite oor die MTUR-periode heen gelei:

- Implementering van die hofuitspraak en opsigte van persone met intellektuele gestremdhede;
- Bykomende bedruimte by Sivuyile;
- Spesiaal aangepaste voertuie by die spesiale versorgingsentrums vir die vervoer van kinders met gestremdhede tussen die huis en die sentrum volgens die hofbevel;
- Die vul van poste in die eenheid vir Intellektuele gestremdheid wat op die DMO se diensstaat geskep is;
- Aanstelling van addisionele maatskaplike werkers om voorkomingsdienste ten opsigte van geslagsgebaseerde geweld te lewer;
- Verdere bekendstelling van die sanitêre waardigheidsprojek

Die verhoging van die hersiene beraming van R977.652 miljoen in 2019/20 na R1.039 miljard in 2020/21 is weens die uitbreiding van maatskaplikewelsynsdienste, die voorsiening van verhogings aan OSW's wat programme vir persone met gestremdhede en ouer persone bied, die befondsing vir die voorsiening van ekstra bedruimte by Sivuyile, 'n toekenning vir die sanitêre waardigheidsprojek en addisionele befondsing vir maatskaplike werkers, veral in gebiede met 'n hoë voorkoms van geslagsgebaseerde geweld, dwelmmisbruik en kwessies wat kinders raak. Die begrotingstoewysing word daarna tot R1.104 miljard in 2021/22 en tot R.160 miljard in 2022/23 verhoog.

### 5.2.2 Kernrisiko's en Versagtings

Uitkomst	Risiko	Risikoversagting
<b>Arm, kwesbare ouer persone lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</b>	Nienakoming van die statutêre vereistes van die Wet op Ouer Persone (13/2006).  Impak: Moontlike gedingvoering teen die Departement Verswakte dienslewering – gehalte is nie op standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.	Program implementeer planne kragtens die voorskrifte van die wet.  Kwartaalike/halfjaarlike samesprekings met belanghebbendes om begrip en nakoming van norme en standaarde soos voorgeskryf deur die wet te verseker.  Lynmonitering van fasiliteite en gemeenskapsgebaseerde diensentrums.
<b>Persone met gestremdhede en hulle gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</b>	Afhanklikheid van intersektorale belanghebbendes in die registrasieproses.  Onvoldoende voorsiening van fasiliteite en dienste vir persone met geestesgesondheidsuitdagings kan druk plaas op die Departement vir plasing wat nie geskik is nie.	Samesprekings van belanghebbendes met die DvG oor lisensieringsvewante kwessies wat verband hou met fasiliteite vir intellektuele gestremde kinders en volwassenes.  Deurlopende interaksie met die DvG oor geskikte plasing en versorging vir persone met geestesgesondheidsuitdagings.
<b>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.</b>	Swak dienslewering van maatskaplike noodleniging vir nooddienste deur die SASSA aan begunstigdes wat deur die Departement verwys is.  Nienakoming van die statutêre vereistes van die Kinderwet (38/2005), die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013); die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (70/2008) –	Versterk vennootskappe met belanghebbendes in die sektor om duplisering in die befondsing vir dienste te verhoed en om sektorale koördinering te verbeter.  Programme implementeer planne ingevolge die voorskrifte van verskeie wette.  Kwartaalike/halfjaarlike samesprekings om begrip en nakoming van die norme en standaarde soos voorgeskryf deur die wette te verseker.

Uitkomst	Risiko	Risikoversagting
	<p>Impak: Moontlike gedingvoering teen die Departement en swak dienslewings, gehalte van diens is is nie op standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p> <p>Begrotingsbeperkings.</p> <p>Impak Onvoldoende verspreiding van gesinsdienste regoor die provinsie.</p>	<p>Implementeer dienslewingsverbeteringsplanne.</p> <p>Monitering van programme om te verseker dat oordragbetaling na die OSW-sektor vir die beoogde doel benut word.</p> <p>Met betrekking tot maatskaplike noodleniging vir rampingrypings, die implementering van 'n Memorandum van Verstandhouding tussen die DMO en SASSA en gereelde vergaderings wat probleemgebiede en aksieplanne in hierdie verband identifiseer. Daarbenewens, rekonsiliasie van begunstigdes wat deur SASSA betaal en verwys is – uitsonderings word by kwartaallikse diensvlak-vergaderings tussen die twee entiteite opgevolg.</p>

### 5.3 Program 3: Kinders en gesinne

#### Doel van Program

Verskaf omvattende kinder- gesinsorg- en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

#### Subprogram 3.1 Bestuur en ondersteuning

##### Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste vir alle subprogramme in hierdie program lewer.

#### Subprogram 3.2 Sorg en dienste vir gesinne

##### Doel van subprogram

Programme en dienste om funksionele gesinne te bevorder en kwesbaarheid in gesinne te verhoed.

#### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	Gesinsherenigings dienste is beskikbaar vir gesinne.	3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is .	647	669	705	700	700	700	700
	Gesubsidieerde beddens is beskikbaar in skuilings vir hawelose volwassenes	3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	1 371	1 401	1 499	1 485	1 499	1 499	1 499
	Gesinsbehouds- en ondersteuningsdienste is beskikbaar vir gesinne.	3.2.1.3 Getal gesinne wat aan programme vir gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste deelneem.	14 010	22 385	21 955	21 791	21 955	22 075	22 275

#### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is.	700	165	175	180	180
3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	1 499	-	-	-	1 499
3.2.1.3 Getal gesinne wat aan programme vir gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste deelneem.	21 955	5 300	5 400	5 488	5 767

#### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die gesin is die basiese eenheid van sorg wat 'n geskikte omgewing moet bied vir die emosionele en sosiale ontwikkeling van al sy lede, en as lede van gesinne geniet kinders dieselfde regte, insluitend die reg op ouer- en gesinsorg en- beskerming. Sterk gesinne verbeter die lewenskans van individuele gesinslede. Dienste aan gesinne is en moet gewortel wees binne die benadering vir gesinsversterking – 'n raamwerk wat die gesin erken as die belangrikste faktor wat die lewens en uitkomst van kinders beïnvloed; en dat gesinne sterk is wanneer veilige en bloeiende woonbuurte en gemeenskappe hulle ondersteun. Hierdie perspektief is direk in lyn met Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte" van die MTSR 2019-2024.

Veerkrachtige gesinne, goed versorgde kinders en ouers, versorgers en/voogde wat doeltreffende toegang tot die ondersteuningsdienste verkry, is die hoeksteen van 'n bemagtigde volk. Sterk

gesinne verbeter die lewenskans van individuele gesinslede, wat aansluit by VIP3: "Bemagtiging van mense" en Fokusgebied 1: "Kinders en gesinne".

Hierdie program sal fokus op die voorsiening van noodsaaklike gemeenskapsgebaseerde voorkoming en vroeëintervensiedienste, gesinsbevordering- en gesinsbehoudsdienste, terapeutiese programme, herintegrasië- en bemiddelingsdienste. Dit sal ook 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde voorkoming en vroeëintervensiemodel (PIE) bekendstel en verbeter [met inbegrip van die Isibindi-program, Instapsentrums, Oog-op-die-Kind, Naskoolse Gedeeltelikesorgsentrums (NSS), ontwikkeling van riglyne vir die aanwysing van PEI-organisasies en die registrasie van PEI-programme en, om herintegrasiëdienste versterk.

### Subprogram 3.3 Kindersorg en - beskerming

#### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste wat voorsiening maak vir die ontwikkeling, versorging en beskerming van die regte van kinders.

#### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
<b>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings</b>	Pleegsorgdienste is beskikbaar vir kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het.	<b>3.3.1.1</b> Getal kinders in pleegsorg geplaas.	4 121	4 055	3 514	3 542	3 500 <sup>16</sup>	3 460	3 435
	Hereinligingsdienste is beskikbaar vir kinders, hul gesinne en alternatiewe versorgers.	<b>3.3.1.2</b> Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is.	387	366	304	376	381	399	421
	Oueropvoedings- en -opleidingsprogramme is beskikbaar vir ouers en versorgers.	<b>3.3.1.3</b> Getal ouers en versorgers wat opvoedings- en -opleidingsprogramme voltooi het.	2 995	3 727	3 891	3 465	3 805	3 959	4 112
	Ondersoeke wat deur maatskaplike werkers by DMO of OSW geïnisieer is, (met inbegrip van diene wat deur die Kinderhof direk beveel is) is uitgevoer	<b>3.3.1.4</b> Getal ondersoeke om te bepaal of 'n kind sorg en beskerming benodig, wat nie deur die Kinderhof geïnisieer is nie.	Nuwe Aanwysers	4 694	8 266	5 255	7 579	7 703	7 837
	Ondersoeke wat deur die Kinderhof geïnisieer is, uitgevoer.	<b>3.3.1.5</b> Getal ondersoeke wat deur die Kinderhof ingestel is (ondersoeke wat deur die Kinderhof geïnisieer is).	1 883	1 793	1 949	1 875	1 966	1 990	2 032

<sup>16</sup> Die Nasionale Beleid vir Kindersorg en -beskerming (2019) maak voorsiening vir Verwantskapversorging, waardeur kinders in die sorg van die gesin kan bly.

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
	Vorm 38-verslae wat by die Kinderhof ingedien is.	<b>3.3.1.6</b> Getal vorm 38-verslae wat deur aangewese maatskaplike werkers by die Kinderhof ingedien is	2 624	2 896	2 741	3 360	3 073	3 107	3 151
	Kinderhof-ondersoeke wat voltooi is, en halfvele wat uitgerei is.	<b>3.3.1.7</b> Getal Kinderhof-ondersoeke wat voltooi is.	2 806	2 915	2 818	3 224	3 081	3 105	3 169

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>3.3.1.1</b> Getal kinders in pleegsorg geplaas.	3 500	853	872	887	888
<b>3.3.1.2</b> Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is	381	84	102	102	93
<b>3.3.1.3</b> Getal ouers en versorgers wat opvoeding- en -opleidingsprogramme voltooi het.	3 805	947	973	953	932
<b>3.3.1.4</b> Getal ondersoeke om te bepaal of 'n kind sorg en beskerming nodig, wat nie deur die Kinderhof geïnisieer is nie.	7 579	1 865	1 930	1 930	1 854
<b>3.3.1.5</b> Getal ondersoeke wat deur die Kinderhof ingestel is (ondersoeke wat deur die Kinderhof geïnisieer is)	1 966	483	500	500	483
<b>3.3.1.6</b> Getal vorm 38-verslae wat deur aangewese maatskaplike werkers by die Kinderhof ingedien is.	3 073	772	785	815	701
<b>3.3.1.7</b> Getal Kinderhof-ondersoeke wat voltooi is.	3 081	772	794	804	711

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie Departement se kern wetgewende mandate is in hierdie program gesetel. Daarom is die kernfokus op die volledige implementering van die basiese vereistes van die Kinderwet en die doeltreffende monitering van alle statutêre dienste. Dit is direk belyn met die MTSR 2019-2024 Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte". Dit sluit ook aan by VIP 1: "Veilige en samehorige gemeenskappe", Fokusgebied 2: Versterk verwysingstelsels vir kwesbare jeugdige in kind- en gesinsgesentreerde inisiatiewe om geweld te verminder", Fokusgebied 3: "Verhoogde maatskaplike samehorigheid en veilige openbare ruimtes" en VIP 3: "Bemagtiging van mense", Fokusgebied 1: "Kinders en gesinne" en Fokusgebied 2: "Onderwys en leer". Veerkragtige gesinne, goed versorgde kinders en ouers, versorgers en/voogde wat doeltreffende toegang tot die ondersteuningsdienste verkry, is die hoeksteen van 'n bemagtigde volk.

Hierdie program sal voortgaan om opleiding aan maatskaplikewerkpraktisyns te gee oor aangeleenthede wat verband hou met die implementering van die Kinderwet en sal dien op die provinsiale en streeks-beoordelingspanele vir kindersterftes, in samewerking met tersaaklike belanghebbendes in die DvG, tersiêre onderwysinstellings, die SAPD en die Departement van Justisie.

Kragtens die Kinderwet, sal vroeëintervensies en voorkomingsdienste, wat die ouerlike verantwoordelikhede en regte insluit, sowel as openbare opvoeding (met die fokus op burgerlike verantwoordelikhede en die verpligting om die slegte behandeling van kinders aan te meld om kindermishandeling, -verwaarloosing en -uitbuiting te voorkom) geprioritiseer word. Vroeëintervensiedienste sal programme insluit wat ontwerp is vir kwesbare kinders soos ontwikkelingsprogramme vir adolessente, teenafknouery-/geenafknoueryprogramme, trauma- en berading en die tydelike veilige versorging van kwesbare kinders. Daar sal met die implementering van die pleegsorgbestuursplan, die ontwikkeling van 'n annemingsplan en dienste, sowel as riglyne vir die aanwysing en akkreditering van annemingsorganisasies vir die provinsie voortgegaan word. Oorgang- en ondersteuningsprogramme sal geïmplementeer word vir kinders wat alternatiewe sorg verlaat sowel as hereniging- en nasorgdienste. Norme en standaarde (in ooreenstemming met die Kinderwet) sal deur prestasiemonitering binne die OSW-sektor geïmplementeer word. Daar word voorsien dat die verwysingstelsel van alle vlakke van kinderbeskermingsdienste (wat bydra tot die proses rakende die Derde Wysigingswet op Kinders) versterk sal word.

## Subprogram 3.4 VKO en Gedeelike Sorg

### Doel van subprogram

Verskaffing van omvattende vroeëkindertontwikkelingsdienste.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Kinders tot die ouderdom van 7 jaar ontvang VKO en NSS van gehalte	Befondsde VKO-fasiliteite.	<b>3.4.1.1</b> Getal subsidies aan VKO-fasiliteite oorgedra om VKO-dienste vir jong kinders te lewer.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	60 000	60 000	60 000
	Voorsiening van gespesialiseerde ondersteuning dienste aan VKO-sentrums en skole vir kwesbare kinders met vertraagde ontwikkeling.	<b>3.4.1.2</b> Getal VKO-sentrums en skole wat gespesialiseerde ondersteunings dienste lewer aan kwesbare kinders met vertraagde ontwikkeling.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser (basislyn: 65) <sup>17</sup>	85	110	130
	Bevondsde NSS-fasiliteite	<b>3.4.1.3</b> Getal subsidies aan NSS-fasiliteite oorgedra om dienste aan kinders te lewer.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	6 500	6 500	6 500
	Geregistreerde gedeeltelikesorgfasiliteite	<b>3.4.1.4</b> Getal geregistreerde gedeeltelikesorgfasiliteite. <sup>18</sup>	1 872	1 774	1 470	1 900	1 500 <sup>19</sup>	1 500	1 500
	VKO-sentrums is verbeter.	<b>3.4.1.5</b> Getal VKO-sentrums wat deur middel van die voorwaardelike toelae vir infrastruktuur verbeter is.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	51	60	60

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>3.4.1.1.</b> Getal subsidies aan VKO-fasiliteite oorgedra om VKO-dienste vir jong kinders te lewer.	60 000	-	-	-	60 000
<b>3.4.1.2.</b> Getal VKO-sentrums en skole wat gespesialiseerde ondersteuningsdienste lewer aan kwesbare kinders met vertraagde ontwikkeling.	85	-	-	-	85
<b>3.4.1.3</b> Getal subsidies aan NSS-fasiliteite oorgedra om dienste aan kinders te lewer.	6 500	-	-	-	6 500
<b>3.4.1.4</b> Getal geregistreerde gedeeltelikesorgfasiliteite.	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500
<b>3.4.1.5</b> Getal VKO-sentrums wat deur middel van die voorwaardelike toelae vir infrastruktuur verbeter is.	51	-	-	-	51

<sup>17</sup> Alhoewel dit 'n nuwe JPP-aanwyser is, was 'n gespesialiseerde VKO-projek gedurende die vorige strategiese beplanningsperiode met 65 VKO's geïmplementeer. Daar bestaan dus 'n basislyn, aangesien hierdie projek nou uitgevoer word.

<sup>18</sup> Van hierdie getal is ongeveer 10% geregistreerde NSS-deelsorgfasiliteite.

<sup>19</sup> Die vermindering in die teiken hou verband met die hoë aantal vervalde registrasiesertifikate as gevolg van die moeilikheidsgraad om munisipale klaringsertifikate te verwerf. DMO, plaaslike regering en SALGA is in gesprek om hierdie kwessie op te los.

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die Departement streef daarna om VKO van gehalte te verskaf as die basis vir die verbetering van skooluitkomst. VKO is 'n intervensie wat die kognitiewe en fisiese ontwikkeling van jong kinders verbeter<sup>20</sup>. Hierdie intervensie is belyd met Prioriteit 4 van die MTSR 2019-2024: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte"- en die uitkoms: "Kinders en mense is veilig en woon in beskermende gesinsomgewings van die WKR VIP3: "Bemagtiging van mense".

Ten einde die lewering van hierdie dienste te verseker sal gedeeltelikesorgfasiliteite (met inbegrip van fasiliteite vir kinders met gestremdhede) bygestaan word met registrasie, herregistrasie, vennootskappe met ander departemente en rolspelers (deur ontwikkeling, mentorskap en ondersteuning), sowel as fasiliteitgebaseerde- en buitensentrumleerprogramme.

Die Departement sal ook VKO-gedeeltelikesorgfasiliteite prioriteer wat vir die eerste keer vir befondsing (deur die voorwaardelike toekenning vir subsidies) aansoek doen, help met geringe verbeterings en instandhouding van infrastruktuur (vir fasiliteite wat voorwaardelik geregistreer is deur die voorwaardelike instandhoudingstoelae). Die programme en dienste wat by NSS aagebied word, sal gemonitor word vir verbeterings en nakoming van norme en standaarde.

## Subprogram 3.5 Kinder- en jeugsorgsentrums

### Doel van subprogram

Verskaf alternatiewe versorging en ondersteuning vir kwesbare kinders.

### Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Residensiële sorgdienste is beskikbaar vir kinders wat 'n behoefte vir alternatiewe sorg openbaar.	3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW KJSS'e ingevolge die Kinderwet.	2 875	2 892	2 811	2 880	2 880	2 880	2 880
		3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e ingevolge die Kinderwet.	556	568	527	500	500	500	500

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW KJSS'e ingevolge die Kinderwet.	2 880	2 112	256	256	256
3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e ingevolge die Kinderwet.	500	305	65	65	65

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie program is belyd met die norme en standaarde vir KJSS'e, en dit is in ooreenstemming met Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte". Veerkragtige gesinne, goed versorgde kinders en ouers, versorgers en/voogde wat doeltreffende toegang tot ondersteuningsdienste verkry, is die hoeksteen van 'n bemagtigde volk. Die program is ook belyd met VP1: "Veilige en samehorige gemeenskappe, Fokusgebied 3: "Bemagtiging van mense" en Fokusgebied 2: "Onderwys en leer".

Die Departement bied 'n ondersteunende en veilige omgewing vir kinders in residensiële fasiliteite, wat dus 'n behoefte aan versorging en beskerming benodig, deur middel van 'n multiprogram- en gespesialiseerde model (soos beskryf in artikel 191 van die Kinderwet) wat ontwikkelingsgerigte, terapeutiese en ontspanningsintervensies bied wat die herintegrasie van die kind in haar/sy

<sup>20</sup> Provinsiale Geïntegreerde Strategie vir Vroeë Kinderontwikkeling 2011-2016



gemeenskap moontlik maak. Hierdie programme en dienste word aangebied en sal voortgaan om deur die departementele KJSS'e aangebied te word, in ooreenstemming met norme en standaarde deur strategiese gesentraliseerde ondersteuning, evaluering, opleiding en gehalteversekeringprosesse, en met die registrasie en hernuwing van die registrasie van die KJSS'e.

Daarbenewens is effektiewe gesentraliseerde plasingbestuur en 'n register van alle kinders in residensiële alternatiewe sorg in plek en hul verskuiwing word handhaaf ten einde toelating tot die korrekte program ooreenkomstig die bepalings van die Kinderwet ten opsigte van die benoeming van KJSS'e te verseker, en om aansoeke te sif vir kinders om na 'n hoër vlak van sorg te verskuif om te verseker dat kinders in die minsbeperkende en mees bemagtigende vlak van sorg geplaas word.

### Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde dienste vir kinders

#### Doel van subprogram

Verskaf beskerming, versorging en ondersteuning aan kwesbare kinders in gemeenskappe.

#### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers.	3.6.1.1 Getal kinder- en jeugsorgwerkers wat opleiding ontvang het.	75	34	-	20	15	15	15

#### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.6.1.1 Getal kinder- en jeugsorgwerkers wat opleiding ontvang het	15	-	-	-	15

#### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers is noodsaaklik vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde voorkomings- en vroeëintervensieprogramme, gesinsbevordering, terapeutiese programme, herintegrasië- en bemiddelingsdienste en gesinsbehouddienste. Hierdie program sal sorg vir 'n voldoende aantal en verspreiding van beroepslui wat integraal is vir doeltreffende gemeenskapsgebaseerde kindersorg- en -beskermingsdienste. Hierdie programintervensie is belyn met Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte", wat op sy beurt belyn is met die WKR VIP 3: "Bemagtiging van mense" en die uitkoms: "Kinders en mense is veilig en woon in beskermende gesinsomgewings".

Die fokus sal wees op die loods en versterking van 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde voorkoming en vroeëintervensiemodel (PEI) (wat bestaan uit Isibindi, Instapsentrums, Oog-op-die-Kind, NSS, herintegrasiëdienste en 'n kernpakket van dienste). Dit al 'n verwysingstelsel vir PEI insluit wat in lyn is met die verwysingstelsel vir kinderbeskerming. Riglyne sal ook ontwikkel word vir die aanwys van PEI-organisasies en die registrasie van PEI-programme. Die Isibindi-program, Oog-op-die-Kind-program en Instapsentrums sal geïntegreer word in primêre voorkomings- en vroeëintervensiedienste en bestaande Isibindi-persone sal uitgebrei word.

### 5.3.1 Program-hulpbronoorewegings

#### Opsomming van betalings en beramings – Program 3: Kinders en gesinne

Subprogram R'000	Uitkomste	Hoofbegroting	Aangesuiver de begroting	Hersiene beraming			Mediumtermynberaming			% - veranderin g vanaf hersiene beraming
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2019/20
3.1 Bestuur en ondersteuning	1 577	2,101	2,277	2 530	2 887	2 887	3 066	3 256	3 457	6.20
3.2 Sorg en dienste vir gesinne	44 149	45 408	47 074	50 175	50 345	50 345	52 753	56 557	59 202	4.78
3.3 Kindersorg en - beskerming	184 642	191 032	206 753	230 110	230 123	230 123	245 096	266 759	278 317	6.51
3.4 VKO en gedeeltelike sorg	285 164	313 041	327 700	364 795	364 171	364 171	413 516	420 396	433 480	13.55
3.5 Kinder- en jeugsorgsentru ms	95 709	98 329	100 003	106 225	105 905	105 905	110 558	120 496	125 316	4.39
3.6 Gemeenskaps gebaseerde versorgingsdiens te vir kinders										
<b>Totale betalings en beramings</b>	<b>611 241</b>	<b>649 911</b>	<b>683 807</b>	<b>753 835</b>	<b>753 431</b>	<b>753 431</b>	<b>824 989</b>	<b>867 464</b>	<b>899 772</b>	<b>9.50</b>

#### Opsomming van betalings en beramings deur ekonomiese klassifikasie– Program 3: Kinders en gesinne

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiver e begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			% - verander ing vanaf hersiene beramin g
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19				2019/20	2019/20	2019/20	
<b>Lopende betalings</b>	<b>24 649</b>	<b>29 987</b>	<b>33 326</b>	<b>36 397</b>	<b>36 226</b>	<b>36 226</b>	<b>38 291</b>	<b>40 729</b>	<b>43 320</b>	<b>5.70</b>
Vergoeding vir werknemers	23 865	29 086	32 098	34 876	34 657	34 657	36 645	39 002	41 510	5.74
Goedere en dienste	784	901	1 228	1 521	1 569	1 569	1 646	1 727	1 810	4.91
<b>Oordragte en subsidies aan to</b>	<b>586 587</b>	<b>619 917</b>	<b>650 481</b>	<b>717 329</b>	<b>716 646</b>	<b>716 646</b>	<b>786 120</b>	<b>826 128</b>	<b>855 815</b>	<b>9.69</b>
Departementele agentskappe en rekeninge										
Instellings sonder winsoogmerk	578 866	612 352	643 431	709 498	708 815	708 796	777 975	817 217	846 547	9.76
Huishoudings	7 721	7 565	7 050	7 831	7 831	7 850	8 145	8 911	9 268	4.01
<b>Betalings vir kapitaalbate</b>	<b>5</b>	<b>7</b>		<b>109</b>	<b>559</b>	<b>559</b>	<b>578</b>	<b>607</b>	<b>637</b>	<b>3.40</b>
Geboue en ander vaste strukture										
Masjinerie en toerusting	5	7		109	559	559	578	607	637	3.40
Betalings vir finansiële bates										
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>611 241</b>	<b>649 911</b>	<b>683 807</b>	<b>753 835</b>	<b>753 431</b>	<b>753 431</b>	<b>824 989</b>	<b>867 464</b>	<b>899 772</b>	<b>9.50</b>

Die Departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffende en doelmatige balans te verseker tussen gemeenskapsbehoefte en nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan VIP 1 en 3 naamlik "Veilige en samehorige gemeenskappe" en "Bemagtiging van Persone" die belangrikste is.

Die volgende beginsels het die begrotingsbesluite oor die MTUR-tydperk heen gelei:

- Versterking en uitbreiding van kinderbeskermingsdienste regoor die provinsie;
- Versnelling van implementering van pleegsorgbestuursplan (die werwing, opleiding en

- ondersteuning van pleegouers en veiligheidsouers);
- Fokus op gesinsbemiddeling;
- Provinsiewye implementering van die Oog-op-die-Kind-projek, asook die belyning daarvan met die Geïntegreerde Isibindi-program;
- Verbetering van doeltreffendheid van VKO registrasie en herregistrasie deur middel van 'n gesentraliseerde registrasieproses;
- Uitbreiding van die spesiale VKO-program vir Engels as taal en kognitiewe ontwikkeling vanaf 65 na 130 persele waar skoolgereedheid swak is, 'n styging vanaf 65 na 85 gedurende die 2020/21-boekjaar.

Die styging vanaf die hersiene beraming van R753.431 miljoen in 2019/20 na R824.989 miljoen in 2020/21 is weens die verhoging van 9.76% in NPI-befondsing en 'n addisionele toekenning vir kindersorg- en beskerming. Die begrotingstoewysing word daarna tot R867.464 miljoen in 2022/23 en tot R899.772 miljoen in 2022/23 verhoog.

### 5.3.2 Kernrisiko's en Versagtings

Uitkomstes	Risiko	Riskoversagting
<p><b>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.</b></p>	<p>Nienakoming van die statutêre vereistes van die Kinderwet (38/2005; die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013); die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (70/2008). Impak: Moontlike gedingvoering teen die Departement.</p> <p>Swak dienslewering – diensgehalte nie op standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word Begrotingsbeperkings Impak: Onvoldoende verspreiding van gesinsdienste regoor die provinsie.</p>	<p>Program implementeer planne ooreenkomstig die voorskrifte van die wet.</p> <p>Kwartaallikse/halfjaarlikse samesprekings om begrip en nakoming van norme en standaarde soos bepaal deur die wet te verseker. Lynmonitering van fasiliteite en programimplementering.</p> <p>Diensleweringverbeteringsplan geïmplementeer.</p> <p>Implementering van gepaste diensleweringverbeterings, byv. gesentraliseerde toelatings tot gepaste plasing vir kwesbare kinders.</p>
<p><b>Kinders tot die ouderdom van 7 jaar ontvang VKO- en NSS-dienste van gehalte.</b></p>	<p>Nienakoming van die statutêre vereistes van die Kinderwet (38/2005). Impak: Moontlike gedingvoering teen die Departement.</p> <p>Swak dienslewering – diensgehalte nie op standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word</p>	<p>Program implementeer planne ooreenkomstig die voorskrifte van die wet.</p> <p>Kwartaallikse/halfjaarlikse samesprekings om begrip en nakoming van norme en standaarde soos bepaal deur die wet te verseker. Lynmonitering van fasiliteite en dienste en programimplementering.</p> <p>Implementering van gepaste diensleweringverbetering, byv. die sentralisering van die registrasie van VKO-fasiliteite.</p>

## 5.4 Program 4: Herstellende dienste

### Doel van program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte voorkomingsdienste rakende maatskaplike misdaad en dienste teen middelmisbruik aan die mees kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

### Subprogram 4.1 Bestuur en ondersteuning

#### Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste vir alle subprogramme in hierdie program lewer.

### Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning

#### Doel van subprogram

Ontwikkel en implementeer voorkomingsprogramme vir maatskaplike misdaad en verskaf proefdienste wat kinder-, jeug- en volwasse oortreders en slagoffers binne die strafregproses teiken.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Volwassenes in botsing met die gereg wat deur die howe verwys is en aan afwentelingsprogramme deelneem.	4.2.1.1 Getal volwassenes in botsing met die gereg wat na afwentelingsprogramme verwys is.	13 017	13 202	11 963	11 860	10 910	10 247	9 785
		4.2.1.2 Getal volwassenes in botsing met die gereg wat afwentelingsprogramme voltooi het.	9 147	8 578	7 681	8 212	7 222	6 756	6 643
Kinders en kwesbare jeugdige word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat isolasie en uitdagende gedrag bekamp.	Kinders in botsing met die gereg wat deur die howe verwys is en aan geakkrediteerde afwentelingsprogramme deelneem <sup>21</sup>	4.2.1.3 Getal kinders in botsing met die gereg wat geëvalueer is.	8 159	8 012	7 060	6 750	6 780	6 500	6 306
		4.2.1.4 Getal kinders in botsing met die gereg wat na afwentelingsprogramme verwys is.	3 460	3 117	2 217	2 320	2 230	2 143	2 068
		4.2.1.5 Getal kinders in botsing met die gereg wat afwentelingsprogramme voltooi het.	1 970	1 824	1 576	1 705	1 492	1 425	1 369
	Geregistreerde residensiële fasiliteite wat aan die Wet op Kindergeregtigheid voldoen. En vir verhoorafwagende en gevonnisd kinders beskikbaar is.	4.2.1.6 Getal kinders in KJSS'e wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid gevonnisd is.	179	160	148	160	160	160	160

<sup>21</sup> Die afname in die teikens vir die aanwysers wat na hierdie produksie gevoer word, hou verband met 'n bestendige afname in die aantal kinders wat deur die SAPD gearresteer en aangekla is vir misdade sedert die implementering van die wet in April 2010, nasionaal (volgens die interdepartementele 2018/19 Jaarverslag oor die implementering van die Wet op Kindergeregtigheid, 75/2008)

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode			
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Kinders en kwesbare jeugdige word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat isolasie en uitdagende gedrag bekamp.		<b>4.2.1.7</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat verhoorafwagtend is in beveiligde KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid.	1 265	1 309	1 167	1 300	1 300	1 300	1 300	
	<b>Kinders en jeugdige in die 11</b> hoërisikogebiede wat van toepaslike gespesialiseerde intervensies voorsien is.	<b>4.2.1.8</b> Getal skole in die 11 hoërisiko polisie-distrikte en/WKR-veiligheidsplangebiede waar DMO- en/of DMO-befondsde maatskaplike werkers kinders en kwesbare jeugdige vir gespesialiseerde intervensies op 'n weeklikse grondslag identifiseer, evalueer, verwys en opvolg.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	30	60	95	

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>4.2.1.1</b> Getal volwassenes in botsing met die gereg wat na afwentelingsprogramme verwys is.	10 910	2 727	2 733	2 743	2 707
<b>4.2.1.2</b> Getal volwassenes in botsing met die gereg wat afwentelingsprogramme voltooi het.	7 222	1 794	1 815	1 811	1 802
<b>4.2.1.3</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat geëvalueer is.	6 780	1 675	1 700	1 700	1 705
<b>4.2.1.4</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat na afwentelingsprogramme verwys is.	2 230	547	583	563	537
<b>4.2.1.5</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat afwentelingsprogramme voltooi het.	1 492	365	385	375	367
<b>4.2.1.6</b> Getal kinders in KJSS'e wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid gevonnissen is.	160	115	15	15	15
<b>4.2.1.7</b> Getal kinders in botsing met die gereg wat verhoorafwagtend is in beveiligde KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid.	1 300	520	260	260	260
<b>4.2.1.8</b> Getal skole in die 11 hoërisiko polisie-distrikte en/WKR-veiligheidsplangebiede waar DMO- en/of DMO-befondsde maatskaplike werkers kinders en kwesbare jeugdige vir gespesialiseerde intervensies op 'n weeklikse grondslag identifiseer, evalueer, verwys en opvolg.	30	0	10	10	10

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die primêre fokus van hierdie program is op maatskaplike misdaadvoorkomings- en statutêre dienste soos deur die Wet op Kindergeregtigheid en die Wysingswet op Proefdienste gereël word. Belyn met Prioriteit 4 van die MTSR 2019-2024, wat handel oor sosiale beskerming van kinders, is die skakels daarvan verbonde aan VIP3: "Bemagtiging van mense" met die Fokusgebied 2: "Onderwys en leer" asook Fokusgebied 4: "Gesondheid en welstand" – identifisering, evaluering en ondersteuning vir kinders en kwesbare jeugdige en, VIP 1: "Veilige en samehorige gemeenskappe" met Fokusgebied 2: "Versterking van verwysingstelsels vir kind-en-gesinsgesentreerde inisiatiewe om geweld te verminder"; Fokusgebied 3: "Verhoogde maatskaplike samehorigheid en veilige openbare ruimtes" – beleidsprioriteite van verwysingstelsels wat jeugdige van geweld na geleentheid verskuif en, die vermindering van geweld en veral bendegeweld binne die konteks van skole, is duidelik.

Toegang tot toepaslike misdaadvoorkoming en -ondersteuning, die voorkoming, behandeling en rehabilitasiedienste ten opsigte van dwelmmisbruik en alternatiewe sorg vir kinders in botsing met die gereg, wat verhoorafwagtend of gevonnissen word ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid, is belangrik vir gesinsveiligheid en welstand en die vermindering van geweld onder kinders en jeugdige deurdat hulle veilige en ondersteunende omgewings bied met gepaste intervensies om die kind of jeugdige in sy/haar gesin of gemeenskap van herkoms te herintegreer. Sulke strategieë lei kinders en jongmense weg van die strafregstelsel na toepaslike maatskaplike welsynsondersteuningsdienste, wat afwentelings- en proefprogramme insluit.

Die program sal daarop fokus om 'n kontinuum van psigososiale proef tydperk- en maatskaplike misdaadvoorkomingsdienste aan kinders, jeugdige en volwassenes te bied wat die risiko loop om aanstoot te gee of om met die gereg te bots. Hierdie dienste sal op al vier vlakke gelewer word,

naamlik voorkoming, vroeë intervensie, statutêre en herintegrasie en bestaan uit gemeenskapsgebaseerde en residensiële dienste. Intervensies sal geprioritiseer word vir die 11 hoë risiko- polisiegebiede. In ooreenstemming met die beginsels van herstellende geregtigheid, sal dienste aan die slagoffers van misdaad in hierdie gebiede versterk word om veerkrachtige gesinne en veiliger gemeenskappe te bevorder. Uitsette is daarop gerig om teikengroepe toe te rus met die hulpmiddels om 'n positiewe en beskermende skild teen maatskaplike euwels in hoërisiko-gemeenskappe te bou.

## Subprogram 4.3 Slagofferbemaatting

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste om slagoffers van geweld en misdaad, veral vroue en kinders, te ondersteun, te versorg en te bemaatting.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
<b>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.</b>	Psigososiale dienste is beskikbaar vir slagoffers van misdaad en geweld.	<b>4.3.1.1</b> Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang verkry tot psigososiale ondersteuningsdienste.	19 962	21 243	20 380	16 300 <sup>22</sup>	18 405	18 735	19 061
		<b>4.3.1.2</b> Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot slagofferondersteuningsdienste.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	1 250	1 310	1 350
	Dienste is beskikbaar vir slagoffers van mensehandel.	<b>4.3.1.3</b> Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang verkry tot maatskapliedienste.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	20	22	25
	Voorsiening van veilige huisvesting vir slagoffers van misdaad en geweld.	<b>4.3.1.4</b> Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang tot skuilings in befondsde diensentrums vir slagofferbemaattingprogramme verkry.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	1 730	1 720	1 740

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>4.3.1.1</b> Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang verkry tot psigososiale ondersteuningsdienste.	18 405	4 612	4 633	4 582	4 578
<b>4.3.1.2</b> Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot slagofferondersteuningsdienste.	1 250	300	300	350	300
<b>4.3.1.3</b> Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang verkry tot maatskapliedienste.	20	5	5	5	5
<b>4.3.1.4</b> Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang tot skuilings in befondsde diensentrums vir slagofferbemaattingprogramme verkry .	1 730	620	370	370	370

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

<sup>22</sup> Die beraamde prestasie sluit alle slagoffers van misdaad en geweld in, maar die meerderheid van gevalle wat aangemeld is, is geslagsgebaseerde geweld.

In ooreenstemming met Prioriteit 4 van die MTSR 2019-2024: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte", spesifiek die uitkoms wat handel met 'n "Hervormde maatskaplike welsynsektor en dienste" en die intevensie wat handel oor die voorsiening van 'n kernpakket van maatskaplike welsynsintervensies, met inbegrip van die noodsaaklike minimum psigososiale ondersteuning en norme en standaarde vir dwelmmisbruik, geweld teen vroue en kinders, gesinne en gemeenskappe, is slagofferbemaagtigingsdienste noodsaaklik in die stryd teen GGG. Die uisette hierbo gelys, en intervensies wat hieronder gelys word, ondersteun die WKR VIP3 direk:" Bemaagtiging van mense" en Fokusgebied 1: "Kinders en gesinne" wat ontwikkel binne koesterende, ondersteunende en veilige omgewings, sowel as WKR VIP1:"Veilige en samehorige gemeenskappe", met Fokusgebied 3: "Verhoogde maatskaplike samehorigheid en veilige openbare ruimtes".

GGG het langtermyn gevolge op die oorlewende sowel as diegene wat deur die geweld geraak word. Volgens die Nasionale Beleidsriglyn vir Slagofferbemaagtiging (2008), is die provinsiale, en natuurlik die NDMO die leiers ten opsigte van die regering se respons in hierdie verband. Dit behels nie net die ontwikkeling, vestiging en koördinerende van intersektorale meganismes, intervensies en vennootskappe nie, maar ook dat dit direkte dienste aan slagoffers moet ontwikkel en aanbied.

Die WKR het slagoffers van geweld en misdade, veral vroue en kinders geprioritiseer, en bied geïntegreerde programme en ondersteuningsdienste wat onder andere veilige ruimtes binne gemeenskappe skep. Die program fokus op die lewering van dienste aan volwasse slagoffers van gesinsgeweld, seksuele misdrywe en mensehandel deur te fokus op die verbetering van intersektorale samewerking, opleiding vir departemente van Justisie, Misdad voorkoming en Sekuriteit (JCPS) oor slagoffergesentreerde dienste, die implementering van die intersektorale strategie oor slagofferbemaagtiging, en die verbetering van nasorgdienste vir slagoffers van seksuele aanranding en belangriker, die responsverbetering, versorging en ondersteuning vanaf onmiddellike inperking na langtermynberading.

Daarbenewens sal die volgende intervensies geïmplementeer word:

- Die befondsing van skuilings en diensorganisasies en die verbetering van die gehalte van dienste deur ondersteuning rakende die nakoming van die tersaaklike norme en standaarde vir dienslewering;
- Implementering van 'n verbeterde versorgingspakket vir slagoffers van seksuele geweld by die Thuthuzela-sorgsentrus en geïdentifiseerde forensiese eenhede;
- Die voorsiening van geakkrediteerde vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir inwoners in skuilings te vergemaklik om die ekonomiese bemaagtiging van die oorwegend vroulike slagoffers en hulle kinders moontlik te maak;
- Die voorsiening van rehabilitasie- en voorkomingsintervensies vir slagoffers van mensehandel in ooreenstemming met die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (PACOTIP), 2013 (7/2013); en
- Versterking van die verwysingstelsel vir slagoffers vir toegang tot langtermynberading, met inbegrip van die Bevelsentrum vir Geslagsgebaseerde Geweld (GBVCC).

## Subprogram 4.4 Middelmisbruik, voorkoming, behandeling en rehabilitasie

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir middelmisbruik, voorkoming, behandeling en rehabilitasie.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	Befondsde binnepasiënt behandelings dienste is beskikbaar	<b>4.4.1.1</b> Getal diensgebruikers wat toegang tot binnepasiënt behandelings dienste by befondsde behandelingsentrums, DMO se eie dienste en DMO KJSS'e verkry het. <sup>23</sup>	1 164	1 226	1 243	1 355	1 210	1 220	1 230
	Gemeenskapsgebaseerde behandelings dienste is beskikbaar.	<b>4.4.1.2</b> Getal diensgebruikers wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde behandelings dienste verkry het.	3 624	3 250	3 346	3 680	3 500	3 600	3 700
	Vroeëintervensiedienste teen middelmisbruik is beskikbaar.	<b>4.4.1.3</b> Getal diensgebruikers wat vroeëintervensiedienste teen middelmisbruik ontvang het. <sup>24</sup>	7 088	7 213	7 343	6 520	7 000	7 206	7 440
	Nasorg- en herintegrasiendienste vir middelmisbruik is beskikbaar.	<b>4.4.1.4</b> Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasiendienste vir middelmisbruik ontvang het. <sup>25</sup>	1 961	2 078	2 258	2 575	2 416	2 461	2 593

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>4.4.1.1</b> Getal diensgebruikers wat toegang tot binnepasiënt behandelings dienste by befondsde behandelingsentrums, DMO se eie dienste en DMO KJSS'e verkry het.	1 210	302	302	303	303
<b>4.4.1.2</b> Getal diensgebruikers wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde behandelings dienste verkry het.	3 500	875	875	875	875
<b>4.4.1.3</b> Getal diensgebruikers wat vroeëintervensiedienste teen middelmisbruik ontvang het.	7 000	1 747	1 763	1 768	1 722
<b>4.4.1.4</b> Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasiendienste vir middelmisbruik ontvang het.	2 416	598	607	612	599

<sup>23</sup> Die aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal mense wat toegang bekom tot voorkomings- en behandelingsprogramme"

<sup>24</sup> Die aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal mense wat toegang bekom tot voorkomings- en behandelingsprogramme" "Getal mense wat toegang bekom tot voorkomingsprogramme"

<sup>25</sup> Die aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal mense wat toegang bekom tot voorkomings- en behandelingsprogramme" "Getal slagoffers van Dwelmmiddelmisbruik wat toegang bekom tot Steunprogramme"



## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Alle middelmisbruikintervensies word deur die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik gereël. Dit sluit in voorkomingsdienste, vroeëintervensieprogramme, gemeenskapsgebaseerde dienste en nasorg- en herintegrasiedienste. Hierdie intervensies sal op 'n geïntegreerde en gekoördineerde wyse tussen die verskillende staatsdepartemente en gemeenskapsgebaseerde entiteite bestuur word. Die Departement verseker dat dienste gelewer word in die gebiede met die grootste behoefte en dat die diens op gemeenskapsgebaseerde binnepasiëntvlak beskikbaar is. Die doel is om individue, gesinne en gemeenskappe te versterk in die stryd teen dwelmmisbruik. Dit is belyn met Prioriteit 4 van die MTSR 2019-2024, sowel as die WKR VIP 1: "Veilige en samehorige gemeenskappe", Fokusgebied 3: "Verhoogde maatskaplike samehorigheid en veilige openbare ruimtes" en VIP 3: "Bemagtiging van mense", Fokusgebied 4: Gesondheid en welstand"

Implementering van die uisette sal verseker dat omvattende dienste beskikbaar is en dat verskillende behandelingsopsies die toeganklikheid van dienste verhoog. Die uitbreiding van die skoolgebaseerde programme bied ook 'n toegangspunt vir die implementering van die voorkomings- en vroeëintervensieprogramme vir kwesbare leerders en jeugdige, en die gekose intervensie hang af van waar die individu op die trajek vir middelafhanklikheid geklassifiseer word.

Uitsette is gemik op:

- 'n Omvattende respons op dwelmgbruikversteurings;
- Kwesbare kinders en volwassenes met toegang tot doeltreffende dwelmmisbruik- en rehabilitasiedienste; en
- 'n Kontinuum van sorg wat fokus op die behoeftes van die kliënt en voorkoming en vroeëintervensies insluit om afhanklikheid te beperk, sowel as behandeling vir diene wat dit benodig – dit kan of op binnepasiëntvlak of buitepasiëntvlak plaasvind. Daarbenewens is nasorgdienste beskikbaar om doeltreffende herintegrasie in die samelewing te verseker.

Die Departement sal voortgaan met die fokus op die registrasie van behandelingsfasiliteite en terapeutiese intervensies om te verseker dat daar aan die minimum norme en standaarde, soos voorgeskryf deur die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik voldoen word. Dit sal ook die nakoming van gesondheidsverwante standaarde binne geregistreerde binnepasiëntbehandelingsentrums verseker en die kapasiteit van die DMO se eie dienste op die gespesialiseerde gebied van verslawingsorg en gemeenskapsgebaseerde reaksies op dwelmmisbruik uitbrei, sowel as deurlopende betrokkenheid met die sektor om kapasiteit en prestasiemonitering te verhoog met die doel om verhoogde gehalte te verseker.

### 5.4.2 Program-hulpbronoorwegings

#### Opsomming van betalings en beramings – Program 4: Herstellende dienste

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoofbegroting 2019/20	Aangesuiwerde begroting 2019/20	Herseiene beraming 2019/20	Mediumtermynberaming			% - verandering vanaf herseiene beraming 2019/20
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19				2020/21	2021/22	2022/23	
4.1 Bestuur en ondersteuning	3 298	3 518	3 769	4 223	3 984	3 984	4 241	4 510	4 796	6.45
4.2 Misdadvoorkoming en ondersteuning	216 141	218 659	238 437	250 046	272 038	272 038	314 003	332 606	351 746	15.43
4.3 Slagofferbemagtiging	30 167	32 225	45 057	51 083	50 596	50 596	58 085	62 603	65 534	14.80
4.4 S Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie	95 006	97 176	100 651	109 886	106 612	106 612	112 477	118 639	124 389	5.50
<b>Totale betalings en beramings</b>	<b>344 612</b>	<b>351 578</b>	<b>387 914</b>	<b>415 238</b>	<b>433 230</b>	<b>433 230</b>	<b>488 806</b>	<b>518 358</b>	<b>546 465</b>	<b>12.83</b>

## Opsomming van betalings en beramings deur ekonomiese klassifikasie– Program 4: Herstellende dienste

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomst			Hoofbegroting 2019/20	Aangesuiwerde begroting 2019/20	Hersiene beraming 2019/20	Mediumtermynberaming			% - verandering vanaf hersiene beraming 2019/20
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19				2020/21	2021/22	2022/23	
<b>Lopende betalings</b>	<b>242 737</b>	<b>244 156</b>	<b>267 177</b>	<b>283 465</b>	<b>298 098</b>	<b>298 010</b>	<b>342 582</b>	<b>362 899</b>	<b>384 364</b>	<b>14.92</b>
Vergoeding vir werknemers	136 181	149 378	161 830	171 080	195 247	195 159	252 988	268 847	285 657	29.57
Goedere en dienste	106 556	94 778	105 347	112 385	102 851	102 851	89 594	94 052	98 707	(12.89)
<b>Oordragte en subsidies aan to</b>	<b>98 518</b>	<b>103 985</b>	<b>117 215</b>	<b>127 262</b>	<b>127 832</b>	<b>127 920</b>	<b>139 054</b>	<b>147 943</b>	<b>154 231</b>	<b>8.78</b>
Departementele agentskappe en rekeninge	22	16	8	9	10	10	18	20	22	100.00
Instellings sonder winsoogmerk	97 661	102 056	116 744	126 751	127 321	127 321	138 509	147 370	153 629	8.79
Huishoudings	835	1 913	463	502	501	589	527	553	580	4.98
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>3 357</b>	<b>3 437</b>	<b>3 522</b>	<b>4 511</b>	<b>7 300</b>	<b>7 300</b>	<b>7 170</b>	<b>7 516</b>	<b>7 870</b>	<b>(1.78)</b>
Geboue en ander vaste strukture										
Masjinerie en toerusting	3 357	3 437	3 522	4 511	7 300	7 300	7 170	7 516	7 870	(1.78)
Betalings vir finansiële bates										
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>344 612</b>	<b>351 578</b>	<b>387 914</b>	<b>415 238</b>	<b>433 230</b>	<b>433 230</b>	<b>488 806</b>	<b>518 358</b>	<b>546 465</b>	<b>12.83</b>

Die planne en begrotings van die Departement sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffende en doelmatige balans te verseker tussen gemeenskapsbehoefte en nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan the WKR VIP's 1 en 3 die belangrikste is, naamlik: "Veilige en samehorige gemeenskappe" en "Bemagtiging van mense".

Die volgende beginsels het die begrotingsbesluite oor die MTUR-periode gelei:

- Handhaaf dienste en verhoog die subsidie vir bedruimte by skuilings vir mishandelde vroue;
- Voorsiening van vaardigheidsontwikkeling vir vroue in die skuilings;
- Verbetering van beveiligde KJSS-infrastruktuur en instandhouding; en
- Verbetering van infrastruktuur (koshuis) by Clanwilliam, die instandhouding en operasionalisering daarvan.

Die styging vanaf die hersiene beraming van R433.230 miljoen in 2019/20 na R488.806 miljoen in 2020/21 is weens die bepaling vir die uitbreiding van dienste by fasiliteite en behandelingsentrums en die inkontraktering van bedrywighede by Clanwilliam en Eerste Rivier Kinder-en Jeugsorgsentrus. Die begrotingstoewysing word daarna tot R518.358 miljoen in 2021/22 en tot R546.465 miljoen in 2022/23 verhoog.

## 5.4.2 Kernrisiko's en Versagtings

Uitkomst	Risiko	Risikoversagting
<p><b>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.</b></p>	<p>Nienakoming van statutêre vereistes van die Wet op Kinderegeregtheid (75/2008) en die Wysigingswet op Proefdienste (35/2002), die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013).</p> <p>Impak: Moontlike gedingvoering teen die Departement. Swak dienslewering – diensgehalte nie op standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<p>Program implementeer planne ooreenkomstig die voorskrifte van die wet.</p> <p>Kwartaallike/halfjaarlikse samesprekings om begrip en nakoming van norme en standarde soos voorgeskryf deur die wet te verseker. Lynmonitering van programimplementering.</p> <p>Implementeer diensleweringsverbeteringsplanne. Programmonitering rakende oordragbetalings van befondsing na sektor OSW's om te verseker dat dit vir die beoogde doel benut word.</p>
<p><b>Kinders en kwesbare jeugdige word identifiseer en ondersteun deur psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat isolasie en uitdagende gedrag teenwerk.</b></p>	<p>Nienakoming van statutêre vereistes van die Wet op Kinderegeregtheid (75/2008) en die Wysigingswet op Proefdienste (35/2002).</p> <p>Impak: Moontlike gedingvoering teen die Departement. Swak dienslewering – diensgehalte nie op standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<p>Program implementeer planne ooreenkomstig die voorskrifte van die wet.</p> <p>Kwartaallike/halfjaarlikse samesprekings om begrip en nakoming van norme en standarde soos voorgeskryf deur die wet te verseker. Lynmonitering van programimplementering.</p> <p>Implementering van gepaste diensleweringsverbeterings, byv. die sentralisering van toelatings tot kinder- en jeugsorgfasiliteite.</p>

## 5.5 Program 5: Ontwikkeling en navorsing

### Doel van die program

Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.

#### Subprogram 5.1 Bestuur en ondersteuning

##### Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste vir alle subprogramme in hierdie program lewer.

#### Subprogram 5.2 Gemeenskapsmobilisering

##### Doel van subprogram

Bou veilige en volhoubare gemeenskappe deur sterk gemeenskapsnetwerke te skep, gegrond op die beginsels van vertroue en respek vir plaaslike diversiteit, en bevorder 'n gevoel van saamhorigheid en vertroue onder plaaslike inwoners.

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

#### Subprogram 5.3 Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en ondersteuning vir OSW's

##### Doel van subprogram

Om OSW-registrasie en nakomingsmonitering te ondersteun, om met OSW-belanghebbendes te skakel en te kommunikeer, om institusionele kapasiteitsbou te verskaf, om OSW-befondsing en -monitering te bestuur en om 'n bevorderlike omgewing te skep waarbinne alle OSW's kan floreer.

### Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	OSW's word gekapasiteer.	<b>5.3.1.1</b> Getal OSW's gekapasiteer. <sup>26</sup>	712	821	488	360	712	722	740
	OSW's word met registrasie bygestaan.	<b>5.3.1.2</b> Getal OSW's met registrasie bygestaan.	881	997	1 229	798	798	875	950
	Bestuursteun opleiding is beskikbaar vir OSW's.	<b>5.3.1.3</b> Getal OSW's wat voor en ná evaluering aangedui het dat hul kennis Verbeter het nadat hul bestuursteunopleiding deurloop het.	12	12	12	12	12	12	12
	'n Mentorskapsprogram is beskikbaar vir OSW's.	<b>5.3.1.4</b> Getal kwesbare OSW's wat 'n mentorskapsprogram deurloop het, wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het.	12	12	12	12	12	12	12

<sup>26</sup> Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal CSO's wat gekapasiteer is"

## Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer.	712	176	179	181	176
5.3.1.2 Getal OSW's met registrasie bygestaan.	798	220	220	220	138
5.3.1.3 Getal OSW's wat voor en ná evaluering aangedui het dat hul kennis verbeter het nadat hul bestuursteunopleiding deurloop het.	12	-	-	-	12
5.3.1.4 Getal kwesbare OSW's wat 'n mentorskapprogram deurloop het, wies kennis, stelsels en vermoëns Verbeter het.	12	-	-	-	12

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie subprogram sal bydra tot verbeterde organisatoriese funksionering; die bestuursoorsigpraktyk sal OSW's in staat stel om doeltreffende vennootskapsdienste te implementeer. Dit sal departementele pogings tot die bevordering en vestiging van plaaslike OSW-ondersteuningsnetwerke verder aanvul, wat daarop gemik is om bestuursoorsigpraktyke en verbeterde dienslewering te versterk. Die WKR VIP's beklemtoon dat persone bemaagtig word deur die bou van veiligheidsvennootskappe om samewerking en slimgedrewe koördinerende te verbeter. Die doel van die subprogram is direk belyd met die uitkoms: "Verenigde, demokratiese, nie-seksistiese, nierassige, gelyke samelewing", en WKR VIP 5: "Innovering en kultuur", Fokusgebied 1: "Burgergesentreerde kultuur".

Die belangrikste fokusareas van hierdie program is die registrasie van OSW's deur die OSW-hulptonkbank van DMO; OSW-bestuursoorsig en funksionaliteit (opleiding) van OSW's, mentorskappopleiding en bystand aan befondsde organisasies wat risiko loop (om hul stelsels, bestuursoorsig en vermoëns te verbeter). Die vestiging van 'n OSW-hulptonkbank en ondersteuningsnetwerke op plaaslike vlak sal die hoë vlak van nienakoming in die OSW-sektor hanteer en die volhoubaarheid van OSW's in die landelike gebiede verseker deur hierdie gebiede vir opleidingsintervensies te teiken.

## Subprogram 5.4 Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan

### Doel van subprogram

Bestuur die programme vir Maatskaplike Fasilitering en Armoedeverligting vir Volhoubare Lewensbestaan.

### Uitkoms, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
<b>Kwesbare persone het voedingsondersteuning</b>	Kwesbare persone wat daaglikse maaltye ontvang.	5.4.1.1 Aantal gesubsidieerde maaltye word voorsien aan kwesbare persone op departementele befondsde persele en CNDC's <sup>27</sup> .	NVT	NVT	NVT	6 235 <sup>28</sup>	9 536	9 848	10 080

<sup>27</sup> Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwysers "% van voedselveilige kwesbare huishoudings wat toegang tot voedsel verkry deur voedsel- en sekuriteitsinisiatiewe /% van individue wat kwesbaar is vir honger met voedsel en voedselsekuriteitsinisiatiewe"

<sup>28</sup> Basislynteiken sluit UOWP-werksgeleenthede in.

## Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.4.1.1 Aantal gesubsidieerde maaltye word voorsien aan kwesbare persone op departementele befondsde persele en CNDC's	9 536	9 536	9 536	9 536	9 536

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie program sal die fasillitering en implementering van voedselsekerheid en maatskaplike welsynsintervensies help en maatskaplike insluiting deur voedingsondersteuning bevorder. Daar word beoog dat dit bereik sal word deur die voorsiening van geteikende voeding (individue wat honger en wanvoeding ondervind), wat buite die voedingsterapeutiese program val.

WKR VIP 3 beklemtoon: "Bemagtiging van mense" deur die skepping van koesterende en veilige omgewings vir gesinne om te floreer en gesonde leefstylomstandighede te ontwikkel en sodoende algemene gesondheid en welstand verbeter. Dit is direk belyn met Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte" van die MTSR 2019-2024. Die program sal ook daarop fokus om geteikende groepe te bemagtig en toe te rus wat bydra tot die bereiking van die voorgestelde impak: "Om alle inwoners van die Wes-Kaap geleenthede te gee om hulle lewensloop te vorm, waar hulle in staat gestel word om 'n waardige en betekenisvolle lewe te lei terwyl hulle bydra tot die verbetering van die samelewing".

### Subprogram 5.5 Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning

#### Doel van subprogram

Om aan gemeenskappe die geleentheid te bied om oor die lewe en omstandighede binne hul omgewing te leer en om die uitdagings en vraagstukke waarvoor gemeenskappe te staan kom, sowel as hul sterkpunte en bates, te verhef sodat dit benut kan word om hul uitdagings die hoof te bied.

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

### Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling

#### Doel van subprogram

Skep 'n omgewing wat jongmense help om konstruktiewe, positiewe en volhoubare verhoudings te ontwikkel onderwyl hulle tegelyk geleenthede gebied word wat hulle help om hul vermoëns en die nodige vaardighede te ontwikkel, om as vennote by hul eie ontwikkeling en dié van hul gemeenskappe betrokke te raak.

### Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Jeugdige maak positiewe leefstylkeuses wat hul welstand verbeer.	Vaardighedsontwikkelingsprogramme is beskikbaar vir jeugdige	5.6.1.1 Getal jeugdige wat aan vaardighedsontwikkelingsprogramme deelneem.	22 197	15 055	14 473	15 000	15 000	15 000	15 000
	Jeugdige word met werksgeleentheid en ontwikkelingsgeleentheid gekoppel.	5.6.1.2 Getal jeugdige wat aan werksgeleentheid en ander vaardighedsontwikkelingsgeleentheid vanuit eie dienste gekoppel is.	5 603	4 402	4 797	3 840	3 980	4 081	4 160
	Befondsde Jeugkafes is operasioneel.	5.6.1.3 Getal befondsde Jeugkafes.	6	8	11	14	13	13	13

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

<b>Uitset-aanwysers</b>	<b>Jaarlikse teiken</b>	<b>K1</b>	<b>K2</b>	<b>K3</b>	<b>K4</b>
<b>5.6.1.1</b> Getal jeugdiges wat aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem.	15 000	3 000	4 000	4 000	4 000
<b>5.6.1.2.</b> Getal jeugdiges wat aan werksgeleenthede en ander vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede vanuit eie dienste gekoppel is.	3 980	1 079	991	946	964
<b>5.6.1.3</b> Getal befondsde Jeugkafees.	13	-	-	-	13

## **Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk**

Die belangrikste fokusgebied van hierdie program is gebaseer op die holistiese vaardigheidsontwikkeling van jongmense om hulle meer geskik vir werk, positief, gesond en goed voorbereid te maak vir die volwasse lewe deur middel van die implementering van die Provinsiale Jeugontwikkelingsstrategie, deur die Jeugkafees en die gemeenskapsgebaseerde organisasies wat as belangrike bydraers dien deur gespesialiseerde vaardigheidsontwikkelingsopleiding (binne die Jeugkafees) te bied.

Die subprogram sal geleenthede vir jeugdige fasiliteer om toegang tot 'n verskeidenheid ontwikkelingsdienste te kry wat positiewe lewenstyle, 'n effektiewe oorgang na produktiewe volwassenheid en verantwoordelike burgerskap bevorder deur die ontwikkeling van 'n beplande en holistiese benadering tot vaardigheidsoordag, opleidings- en ontwikkelingsprogramme. Dit is direk belyd met die uitkoms: "Verbeterde indiensneembaarheid van die jeug deur vaardigheidsopleiding"; van Prioriteit 3: "Onderwys, vaardighede en gesondheid" van die MTSR 2019-2024 en WKR VIP 3: "Bemagtiging van mense"; Fokusgebied 3: "Jeugdige en vaardighede".

Jeugkafees beoog om 'n veilige ruimte te bied vir die ontwikkeling van jeugdige, vroue en persone met gestremdhede tydens opleiding. Die jongmense wat die naskoolse program (binne die Jeugkafees) bywoon, sal toegang tot hulpbronne en opleiding het – om hulle sodoende toe te rus met die nodige vaardighede, mentorskap en hulle koppel aan verdere geleenthede, dienste en ondersteuning om aspirasies te ontwikkel, agentskap te motiveer en te ontwikkel met die doel om selfonderhoudend te word.

Deur die Jeugkafees sal die jeugontwikkelingsprogram die gemeenskapsgebaseerde organisasies gebruik om gespesialiseerde opleiding en mentorskap in gemeenskappe te bied en die jaarlikse jeugkamp sal verder bydra tot die ontwikkeling van noodsaaklike leierskap- en lewensvaardighede.

Belangrike aktiwiteite sluit in die gehalteversekering en standaardisering van programme, die versterking van vennootskappe met belangrike staatsdepartemente en beleidsopvoeding om die uitkomst van die jeugontwikkelingsprogram te versterk.

## **Subprogram 5.7 Vroue-ontwikkeling**

### **Doel van subprogram**

Skep 'n omgewing wat vroue help om konstruktiewe, positiewe en volhoubare verhoudings te ontwikkel onderwyl hulle tegelyk geleenthede gebied word wat hulle help om hul vermoëns en die nodige vaardighede te ontwikkel, om as vennote by hul eie ontwikkeling en dié van hul gemeenskappe betrokke te raak.

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

## **Subprogram 5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid**

Om die implementering van die bevolkingsbeleid binne alle regeringsfere en die burgerlike samelewing te bevorder deur middel van bevolkingsnavorsing, voorspraak en kapasiteitsbou, en deur die implementering van die beleid te monitor en te evalueer.

## **Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens**

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Demografiese navorsing en profilering wat onderneem is om die bevolkings- en ontwikkelingsituasie te ontleed.	<b>5.8.1.1</b> Getal navorsings- en demografiese profielprojekte wat voltooi is.	8	31	7	7	7	7	31
	Programme word geïmplementeer om bewusmaking en begrip van bevolkingsontwikkelingskwessies te bevorder.	<b>5.8.1.2</b> Getal bevolkingskapasiteitsontwikkelingsessies wat onderneem is.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	6	6	6
	Voorspraak, en aktiwiteite wat verband hou met inligting, opvoeding en kommunikasie (IOK) word geïmplementeer	<b>5.8.1.3</b> Getal bevolkingsvoorspraak, en aktiwiteite wat verband hou met inligting, opvoeding en kommunikasie (IOK) wat geïmplementeer is.	NVT	NVT	NVT	Nuwe Aanwyser	4	4	4

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>5.8.1.1</b> Getal navorsings- en demografiese profielprojekte wat voltooi is.	7	1	2	2	2
<b>5.8.1.2</b> Getal bevolkingskapasiteitsontwikkelingsessies wat onderneem is	6	-	-	-	6
<b>5.8.1.3</b> Getal bevolkingsvoorspraak, en aktiwiteite wat verband hou met inligting, opvoeding en kommunikasie (IOK) wat geïmplementeer is.	4	-	-	-	4

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie subprogram sal bydra tot die verbetering van die stelselmatige integrasie van bevolkingsveranderlikes in alle beleidsrigtings, planne, programme en strategieë op alle vlakke en binne alle sektore en staatsinstellings.

Die kernfokus is om te verseker dat betroubare en bygewerkte demografiese en- bevolkingsdata en inligting oor die Wes-Kaapse bevolking en menslike ontwikkelingsituasie in die provinsie beskikbaar en toeganklik is vir alle regeringsbeplanners om beleidskepping en programontwerp, implementering, monitering en evaluering toe te lig.



## 5.5.1 Program-hulpbronorwegings

### Opsomming van betalings en beramings – Program 5: Ontwikkeling en navorsing

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesui- werde be- groting	Hersiene beram- ing	Mediumtermynberaming			% - ve- rander- ing vanaf hersiene beraming
	Geoudi 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2019/20
5.1 Bestuur en ondersteuning	6 257	6 040	6 469	7 154	6 861	6 861	7 296	7 758	8 248	6.34
5.3 Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's	768	1 574	1 926	1 964	2 157	2 157	2 560	2 723	2 895	18.68
5.4 Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	24 764	31 328	18 417	24 054	24 591	24 591	28 685	30 868	32 323	16.65
5.6 Jeugontwikkeling	15 520	17 477	20 429	24 136	23 520	23 520	18 584	20 062	20 771	(20.99)
5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid	2 462	2 353	2 791	3 304	3 218	3 218	3 426	3 646	3 880	6.46
<b>Totale betalings en beramings</b>	<b>49 771</b>	<b>58 772</b>	<b>50 032</b>	<b>60 612</b>	<b>60 347</b>	<b>60 347</b>	<b>60 551</b>	<b>65 057</b>	<b>68 117</b>	<b>0.34</b>

### Opsomming van betalings en beramings deur ekonomiese klassifikasie– Program 5: Ontwikkeling en navorsing

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene beraming	Mediumtermynberaming			% - verander- ing vanaf hersiene beramin- g
	Geoudit 2016/17	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2019/20
<b>Lopende betalings</b>	<b>14 008</b>	<b>15 080</b>	<b>17 218</b>	<b>18 728</b>	<b>18 633</b>	<b>18 633</b>	<b>20 512</b>	<b>21 813</b>	<b>23 192</b>	<b>10.08</b>
